MATIE-land



Pectora roborant cultus recti

JAARGANG 2 NOMMER 3 DESEMBER 1958

UNIVERSITEIT VAN STELLENBOSCH



Waardevolle Besittings



Om u waardevolle besittings goed op te pas, is 'n bankdiens wat u baie nuttig kan vind. Ons Bestuurders en personeellede by meer as 850 Takke en Agentskappe sal u navrae verwelkom, en sal u met genoeë meedeel omtrent die reëlings wat getref is vir hierdie diens.

Persoonlike besittings kan dikwels nie vervang word nie

Oude Meester
Likeurbrandewyn
Beste Brandewyn in die Britse Ryk
Bekroon met Eersteprys en Goue Medalje
Half-eeuse Wynskou Londen 1950
V.S.O.B.
LIKEUR BRANDEWYN
Oude Meester
Liqueur Brandy

OUD &



VRA OM WOLNIT SUPER-SOKKIES

—en aanvaar geen plaasvervangers nie!

Van reknylon,
Terylene-en-reknylon of wol-en-
reknylon mengsel.
Net een grootte—pas elke voet.
Sak nie af nie—
breë rek hou hulle
op sonder om die been te knel.
So lekker sag, jy voel
hul skaars.
Verkrygbaar in pragtige kleure.

12 MAANDE LANK GEWAARBORG

Wolnit Super



DIE SOKKIES WAT HUL GELD DUBBELD EN DWARS WERD IS

VZ382/A

Uitgereik deur die Brouers-Instituut van Suid-Afrika

G209/463

UIR ENERGIE VOOR DIE WEDSTRYD!

K O O -Vrugtesappe — hulle verskaf u energie en stukrag vir enige kragmeting. KOO-Vrugtesappe verhoog u weerstandsvermoë, gee u meer lewenslus en veerkragtigheid — en is heerlik. Hulle smaak beter as vars vrugte. Goed om te drink en goed vir u — KOO-Vrugtesappe.

KOO 'BOORD-VARS' VRUGTESAPPE

DIE SPESIAAL-VOORBEREIDE DRANKIE VIR DIE SPORTMAN

Pynappel verskaf lewenslus!

Ander gunsteling-geure: Lemoen, Pomelo, Koejawel, Tamatie, Appelkoos, Perske, Pruim.



N.S. WEES ALMAL SE GUNSTELING! TRAKTEER U VRIENDE OP KOO-VRUGTESAPPE — HULLE VERSKAF ENERGIE DWARSDEUR DIE JAAR

MATIELAND

Uitgegee vir Oudstudente
en Donateurs deur die

UNIVERSITEIT VAN STELLENBOSCH

ONDER REDAKSIE VAN
DR. ERNST VAN HEERDEN
MET MEDEWERKING VAN
DIE INLIGTINGSBURO VAN DIE UNIVERSITEIT

JAARGANG 2 · DESEMBER 1958 · NO. 3

INHOUD

REDAKSIONEEL

Die Universiteit — Kweekplek vir Genieë? 7
Die Kunsfees 8
Die Oud-Matiekleurbaadjie Nogeens 9

UNIVERSITEITSNUUS

Reisindrukke van die Rektor 10
Ontwikkeling in die Filosofie-Departement 11
Wyle Adv. J. G. Strijdom 12
Dr. H. F. Verwoerd 13
Wetenskaplike Kaart van S.W.A. oorhandig 15
Prof. J. A. Wiid lê die tuig neer 15
Reis van Prof. H. E. Brink 16
Opknappingskursus vir Wetenskaponderwysers 16
Croll-Stipendium aan Mnr. H. W. Rossouw 16
Kursus in Kerntegniek vir Ingenieurstudente 17
Prof. P. Serton tree af 17
Alumni in die vergrote Kabinet 18
Prof. Bruwer doseer in die V.S.A. 18
Van der Post-Biblioteek aan Universiteit geskenk 19
Wolnit-Wisselbeker vir Redenaars 19
Professorate in Geskiedenis 19
Prof. F. X. Laubscher se Reis 19
„Oil-o-matic Fellowship Award" 1958 21
Kursus i.v.m. Radio-isotope 21
Aftrede van Prof. I. de V. Malherbe 21
Shell-beurse 22
Uitbreiding van Huishoudkundegebou 23
Nuwe Aanstellings 23
Honneursgraad in Bosbou 25

VAN HEINDE EN VERRE 25

ARTIKELS

Plantkunde aan die Universiteit 27
Die Fakulteit van Bosbou 28
Die Vroueverenigingkyk terug — en vorentoe 29
Sportprestasies van die Jaar 32

NUUS VAN OUD-MATIEBONDTAKKE 33

BRIEWEBUS 34

RUGBY-ERETOEKENNINGS AAN OUD-MATIES 34

DIE MATIELAND-FONDS 36

BUITEBLADFOTO: Lugfoto van Stellenbosch, met universiteitsgeboue in die voorgrond

REDAKSIONEEL

Die Universiteit – Kweekplek vir Genieë?

DIE groot toename in die aantal studente wat jaar na jaar by die deure van die universiteite om toelating aanklop, stel die akademiese wêreld pertinent voor 'n aantal onontwykbare vrae. Een van die dringendste wat hom steeds weer in allerlei wisselende gedaantes voordoen, is hoe om dié mense-materiaal op die doeltreffendste en vir sy toekomstaak die berekendste wyse te gebruik.

Vanselfsprekend kom sake soos die volgende onder die soeklig: die doelmatigheid van die huidige metodes van universitêre onderrig, die oorskakeling van die skool na die universiteit, die stelselmatige verhoging van standaarde en hoe om 'n sintese tussen die eise van die moderne tegnologiese beskawing en die hoër geestelike waardes van die mens te vind.

Dit is duidelik dat die moderne universiteit in die gistinge en woelinge van die twintigste eeu 'n sleutelposisie beklee. In gesprekke met dosente wat onlangs uit die buiteland teruggekeer het, is dit opvallend hoe hulle die punt beklemtoon dat die rol van die universiteit in die samelewing oneindig belangriker geword het as vroeër. Die sukses wat die universiteit behaal in sy opvoedingsproses, in sy ontwikkeling van die volle potensiaal van intellektuele vermoëns, is nie alleen van nasionale betekenis nie, maar dra ook 'n sterk internasionale stempel in soverre die moderne eeu die eeu van koorsagtige mededinging en prestigestrewe geword het.

Die wêreld het besef dat die prestige van 'n land afhanklik is van die intellektuele status en vermoë van sy burgers. En die universiteit as die kweekplek van daardie breinkrag het vanself onder die soeklig gekom. Selfs die Amerikaners sien die gevare in van hul gryse konformisme en die gelykskakelingsbeleid in die onderwys wat gerig was op die algemene deler van die gemiddelde, die massamens. By die meeste vooraanstaande Amerikaanse universiteite word nou veel meer aandag gegee aan die begaafde student en word spesiale fasiliteite aan hom beskikbaar gestel.

In ons land en aan ons Universiteit is die skrander student natuurlik g'n uitsondering nie. Die lang lyste van alumni wat op verskillende vakgebiede van die wetenskap en menslike kennis die hoogste sport bereik het, getuig van die feit dat Stellenbosh vir geslagte van studente inderdaad 'n „alma mater", 'n milddadige moeder, was en nog is.

Tog stem dit 'n mens tot nadenke as jy van die sielkundiges hoor dat sommige van die „briljante" skoliere, d.w.s. dié met 'n I.K. van 140 en hoër, juis in die strenger eise van studie en selfdissipline aan die universiteit uitsak. Op skool het hulle fluit-fluit met die minimum inspanning deurgekom, nooit waarlik geleer hoe om te studeer en te konsentreer nie en aan die universiteit swig hulle betreklik gou. Dit lyk asof, in die algemeen gesproke, die ambisie en deursettingsvermoë by die „gemiddelde" student (die I.K. 120 — 140-groep) 'n sterker faktor in die bereiking van studiesukses is.

Een van die take wat die Universiteit van Stellenbosch hom gestel het, is om die intellektuele potensialiteit van sy studente ten beste te ontwikkel en tot volle ontplooiing te bring. Uiterlike aanmoediging vir die bo-gemiddelde student is beskikbaar; om beurse, lenings, pryse en stipendia kan deur die ywerige en skrander student meegeding word; die persoonlike kontak met die dosente is veel vryer en gemakliker aan ons Universiteit as elders en kan die aansporing wees tot wye selfstudie en verdiepte ontginning van die kursusgebied, selfs buite die leerplan om.

Van groot belang is die onweegbaarhede van 'n atmosfeer soos aan ons Universiteit heers. Die enigsins geslote en homogene karakter van die studentekorps bring mee dat akademiese voortreflikheid en prestasie gemakliker die prikkel van erkenning en hoogskatting ondervind. Nie dat die „boekwurm" bó die „sportgenie" bewonder word nie! Selfs op dié gebied lyk dit asof daar 'n gesonde „spanning" in die gemiddelde student se houdings bespeurbaar is.

Leiers by buitelandse universiteite en by ons begin meer en meer dink aan 'n sintese van die menslike denke en kunde met die oog op die kweking van ewewigtige persoonlikhede aan die universiteit. Hoe moet die beskouings en metodes van die natuurwetenskaplike wêreld tuisgebring word by studente in die humanistiese rigtings en, mutatis mutandis, hoe moet 'n besef van kultuurwaardes en beskawingsgrondslae op die beste wyse by die studente in die natuurwetenskappe ingeskerp word? Dit is, taamlik simplisties gestel, een van die dilemmas van enige universiteit, en ook van ons.

'n Oplossing soek sommige Amerikaanse universiteite in 'n breë eerstejaarskursus vir alle studente oor die bronne en gebiede van wetenskap èn beskawing in die wydste konnotasie van die woord. Daarna eers kom die gespesialiseerde studie. Maar per slot van rekening bly die invloed en leiding van die individuele dosent nog van primêre belang; sy instelling en gesindhede teenoor sy vak, en wyer, teenoor die ganse mosaïekveld van menslike kennis, sal in hoë mate die opvattings van sy studente, ook die skranderes, bepaal.

'n Kweekplek vir genieë aan die lopende band kan en sal ons universiteite seker nie word nie. Ewemin hoef die potensiële genie hom hier gefnuik te voel in sy strewe na regmatige ontwikkeling en bo-gemiddelde intellektuele vordering. 'n Woestynblom, „born to blush unseen", hoef ons genieë nie te wees nie. Daarvoor is die geleenthede tot selfuiting, tot verwesenliking van al die skakerings en variasies van menslike vermoëns te talryk en voor-die-hand-liggend!

Die Kunsfees

STELLENBOSCH het vanaf 4 tot 13 September sy eerste Kunsfees gehou en alhoewel dit weinig finansiële wins opgelewer het, is die estetiese en vormende waarde daarvan vir die gemeenskap onberekenbaar. Onomwonde kan 'n mens verklaar dat hierdie eerste poging om die Sangfees uit te brei tot 'n omvattender Kunsfees wat feitlik al die fasette van kunsopenbaring ingesluit het, 'n klinkende sukses was.



GROEP BY OPENINGSKONSERT, KUNSFEES Mimi Coertse, die gevierde S.A. sangeres en mnr. R. Behrens, Voorsitter van die Kunsfeeskomitee.

En dan meet ons nie die sukses daarvan aan die lang toue studente wat vóórdag kaartjies kom koop het of die vol sale toejuigendes nie. Ons meet dit eerder aan die lewendige bespreking en botsende beskouings wat aan die gang gesit is bv. deur die skilderyen beeldhouwerk-uitstallings, aan die feit dat oor die optrede van 'n internasionaal gevierde aktrise volmaak teenstellende menings gangbaar geword het, aan die lewende kontak met die kuns wat vir baie jong mense 'n eerste en des te meer indrukwekkende ervaring gewees het.

Vanselfsprekend het die nabetragtings gevolg en is daar allerlei suggesties wat die Kunsfeeskomitee wel deeglik sal oorweeg met die oog op toekomstige beleid. So is die interessante voorstel gedoen dat die Kunsfees gedurende die Septembervakansie moet plaasvind sodat die studente en skoliere vryer kan wees om aan die feesverrigtings deel te neem. 'n Ander skrywer pleit vir 'n aparte uitvoering deur gespesialiseerde kore, soos bv. die Universiteits- en Konservatorium-kore, om die peil van die koorsang hoog te hou. 'n Derde voel vir meer deelname van „dorpsmense" en betreur die afwesigheid van toneelopvoerings in die feesprogram. Algemeen word gevoel dat die eksperimentele teater „Arena" 'n integrale deel van so 'n fees moet uitmaak.

So gaan die beskouings voort. Maar dit is duidelik dat voorlopig nie gedink word aan 'n *jaarlikse* fees van die omvang van vanjaar s'n nie. Miskien elke tweede jaar, met een of twee internasionale artieste om die „vonkeling" te verskaf en dan nog deegliker en fyner besteding van „plaaslike" talent.

Een ding is seker: die Kunsfees het nuwe perspektiewe van waardering en begrip geopen. Die uitvoerings, uitstallings en lesings het almal van 'n bepaalde hoek af nuwe insigte in die skeppende potensies van ons tyd gewek en in die wyse waarop die hedendaagse kunstenaar met sy heldersiende intuïtiefwetende organisme hierdie tyd interpreteer.

Die kunstenaars het hulle kuns aan die man gebring. Maar die publiek het óók, en 'n groot bydrae gelewer. Dis nie verniet dat Rosalyn Tureck se hart deur Stellenbosch verower is en dat sy haar konsert hier voor so 'n intelligente en waarderende gehoor as die hoogtepunt van haar loopbaan bestempel nie.

In die eeu van atoombomme en spoetniks het Stellenbosch se Kunsfees ons almal van diep geestelike waarhede bewus gemaak: en daarvoor verdien die Kunsfeeskomitee ons dank.

Die Oud-Matiekleurbaadjie Nogeens

DIE kwessie van die oud-Matiekleurbaadjie om die ou bekende wit baadjie-met-strepe te vervang, het nou so ver gevorder dat die komitee van die Studenteraad twee „modelle" laat vervaardig het wat op Stellenbosch te sien is en ook vir vertoning aan oud-Matiebondtakke gestuur kan word.

Na oproepe in die pers en in *Matieland* het heelwat oudstudente (maar nog nie genoeg nie!) gereageer met menings oor hoe die nuwe oud-Matie-baadjie moet lyk. Negentig persent van hulle is dit eens dat 'n verandering gewens is en dat die ou baadjie uitgedien is. Maar oor *hoe* die nuwe baadjie moet lyk, was daar nie soveel eenstemmigheid nie.

Die „baadjiekomitee" van die Studenteraad het van die standpunt uitgegaan dat die baadjie maklik herkenbaar, effekleurig en dienlik moes wees, en so ná as moontlik aan die oorspronklike Matie-grondkleure. Op die ou end het 'n plaaslike kleremaker twee „proefbaadjies" vervaardig en kon heelwat kritiese beskouers die twee naas mekaar waarneem. Die eerste is



Mnr. P. J. Lombard, Hoof van die Inligtingsburo, met een van die voorgestelde oud-Matiekleurbaadjies aan (die gryse).

'n gewone donkerbloue met die oudstudentewapen op die sak en dit maak nogal 'n netjiese indruk. Maar die groot moeilikheid hier is dat elke derde klub in die land so 'n donkerblou baadjie met klubwapen het: op selfs 'n kort afstand is so 'n baadjie nie herkenbaar as 'n oud-Matiebaadjie nie.

Die tweede „proef" vind veel groter byval. Dis van silwergrys stof met 'n regaf omboorsel van maroon en goud om die baadjierand, op al drie sakke en sowat vier duim van die rand van die mou, met die wapen natuurlik op die klein sakkie.

Die baadjie is grys, omdat die silwer in die Matiekleure feitlik al grondkleur is wat vir die baadjie-ontwerpers oorgebly het. Wit, maroen en goud deug nie een nie. Die gedagte was eers 'n eenvoudige silwergrys baadjie sonder meer, maar dit lyk darem al te vaal. En as jy begin met koord, moet jy konsekwent sakke én moue „versier" — dit is wat die kleurbaadjie-„heraldiek" vereis.

As oor die grondplan van die baadjie besluit is, dan bly die vraag nog oor hoe die wapen as oud-Matiewapen aangedui moet word. Is die universiteitswapen genoeg of moet daar letters by kom? Kan ons maar gemoedelik die woord „oud-Maties" by sit of moet dit „oudstudente" of O.M.B. (oud-Matiebond) wees?

Die „baadjiekomitee" wil nie meer lank met die saak sloer nie. Van verskeie oorde kom dringende versoeke dat die saak nou beklink moet word. Alle lesers van ons blad word dus versoek om noukeurig na die foto van die voorgestelde baadjie wat hierby verskyn, te kyk, en hulle kommentaar daaroor aan die Inligtingsburo te stuur. Miskien kan 'n wenk van u nog baie in die finale beslissing help.

UNIVERSITEITSNUUS

Reisindrukke van die Rektor

DIE Rektor van die Universiteit, prof. H. B. Thom en sy eggenote het onlangs teruggekeer van 'n reis na Israel, Kanada en die Verenigde State. Prof. Thom het o.a. 'n Konferensie van Universiteitshoofde in Toronto bygewoon, en daarna die vyfjaarlikse vergadering van die Vereniging van Universiteite van die Statebond in Montreal. By eersgenoemde byeenkoms was daar ongeveer 100 universiteitsprinsipale aanwesig; by laasgenoemde Konferensie sowat 500 prinsipale en professore.

Die onderwerpe wat op die vergaderings bespreek is, het 'n wye veld gedek: bv. die plek van die Fakulteit van Geneeskunde aan die universiteit, die tekort aan natuurwetenskaplikes, die wese en betekenis van die universiteitstudie, die vryheid van die universiteite, die stigting van nuwe universiteite, aktuele vraagstukke van Statebondsuniversiteite, ens.

Natuurlik het die voorgenome wetgewing met betrekking tot aparte universiteitsgeriewe vir nie-blankes in Suid-Afrika ook ter sprake gekom. Prof. Thom en die ander Suid-Afrikaanse universiteitshoofde moes die grondslae van die beleid uiteensit en ook talle van vrae daaroor beantwoord. Afgevaardigdes uit ander dele van die Statebond het aanvanklik baie vyandig teenoor die hele idee van aparte universiteite gestaan, maar met die verduideliking van die Suid-Afrikaanse verteenwoordigers het daar 'n dieper insig in die saak en ook 'n beter gesindheid jeens Suid-Afrika ontstaan.

Selfs 'n universiteitshoof uit Indië het teenoor prof. Thom getuig dat hy die toestand in 'n nuwe perspektief sien. Verskeie afgevaardigdes het hulle waardering uitgespreek dat hulle inligting kon kry van mense wat regstreeks met die probleme te doen het. Hulle besef dat die inligting in die sensasieberigte van die buitelandse pers eensydig en onbillik is.

Prof. Thom het in Toronto o.a. verduidelik dat die Regering beoog om gelyke universiteitsgeriewe vir blank en nie-blank beskikbaar te stel. Hy het egter ook gewaarsku dat dit nie somaar meteens verwesenlik kon word nie; ook die blanke universiteite moes immers langsamerhand groei en ontwikkel en oor baie jare hul tradisie opbou.

Een van prof. Thom se sterkste indrukke is dat die Suid-Afrikaanse universiteite daar finansieel swakker aan toe is as die meeste ander in die Statebond, selfs jong universiteite in ander dele van Afrika. Verskeie jonger Engelse en Kanadese universiteite het byvoorbeeld van hul regerings groot bedrae vir die oprigting van geboue gekry, terwyl hier by ons gewoonlik lenings opgeneem moet word. Navorsingsgeriewe en salarisse van dosente aan ons universiteite vergelyk nie te gunstig met dié van sommige ander Statebondslande, en veral dié van die V.S.A., nie.

Na afloop van die byeenkoms in Montreal, is die afgevaardigdes deur die Assosiasie van Amerikaanse Universiteite op verskillende toere deur die V.S.A. genooi. Daar was 'n keuse tussen twaalf toere en prof. en mev.

Thom het dié na die Suide gekies. 'n Hoogtepunt van die besonder interessante besoek was 'n ontvangs aan die Wit Huis deur president Eisenhower. Die Suid-Afrikaners het nogal gevlei gevoel toe die President hulle groepie uitgesonder het om spesiaal by hom te kom gesels. Hy het uitgevra oor sy ou oorlogskameraad, genl. Smuts, en was verras om van prof. Thom te verneem dat genl. Smuts en verskeie ander Eerste Ministers van Suid-Afrika oud-studente van Stellenbosch is.

Voor die besoek aan Kanada het prof. en mev. Thom 'n paar dae in Israel deurgebring. Selfs na alles wat hulle oor die dinamiese jong staat gehoor en gelees het, het hulle nie verwag om so 'n treffende vooruitgang, so 'n gees van opoffering en idealisme daar aan te tref nie. Die Jode is behep met die idee van die opbou van hul nasie en hul land. Dit is asof hulle vir die onmoontlike kans sien. Die lewe is vir hulle daar baie moeiliker as byvoorbeeld in Suid-Afrika. Mev. Thom vertel van 'n Joodse vrou — haar man was geneesheer in Parow en die huisgesin kon vier bediendes aanhou. Nou is sy in die nuwe land doodtevrede om sonder enige bediendes klaar te kom en om net soos haar nederige volksgenote te arbei.

Op een kibbutz ('n gemeenskapsplaas) is slegs jong Suid-Afrikaanse Jode. Wat was die Rektor nie verbaas en aangenaam verras om daar deur 'n oud-Matie in sy Matie-kleurbaadjie verwelkom te word nie! Hy was Paul Elstein van Johannesburg, wat verlede jaar nog hier op universiteit was en sy landbougraad hier verwerf het.

'n Mens sien die Jode in Israel met gans ander oë as hier waar jy hulle slegs met die handel assosieer. Daar leer jy hulle ken as landbouers, as professionele mense, en ook as verfynde intellektueles, soos prof. en mev. Thom ontmoet het op 'n onthaal wat ter ere van hulle aan die Hebreeuse Universiteit in Jerusalem gegee is.

Die Hebreeuse Universiteit, wat net buite Jerusalem geleë is, is nog maar vier jaar oud en is opgerig toe die ou universiteit vir die Jode nutteloos geword het. Die ou universiteit staan op die Scopusberg, maar dit is vandag in Jordaniese gebied en kan dus glad nie aan sy doel as 'n universiteit vir die Jode beantwoord nie. Die gevolg hiervan was dat toe met die Hebreeuse Universiteit 'n begin gemaak is. Die terrein waar hierdie universiteit geleë is, is baie rotsagtig maar tog is die geboue daar vandag met mooi tuine omring. Dis werklik 'n wonderwerk as 'n mens in gedagte hou dat vir die plante eers gate in die rotse uitgeskiet moes word, en dat die gate dan elkeen met grond gevul moes word.

Prof. Thom het sy vernaamste indrukke soos volg opgesom: dat hy 'n seldsame geleentheid gekry het om op strategiese plekke in die buiteland die juiste perspektief op Suid-Afrikaanse toestande te gee; dat dit Stellenbosch betaam om by sulke geleenthede verteenwoordig te wees; dat hy van kollegas van ander Statebondsuniversiteite — veral die ouer universiteite — nuttige kennis opgedoen het wat vir Stellenbosch — en Suid-Afrika as geheel — van heelwat waarde kan wees.

Ontwikkeling in die Filosofie-Departement

IN 1904 is 'n sogenaamde Kollege-uitbreidingskema aan die ou Victoria-kollege in die lewe geroep. Hierdie beweging het o.a. tot gevolg gehad die verdeling van Filosofie en Engelse Letterkunde, en van Grieks en Latyn, en die stigting van leerstoele vir Dierkunde, Plantkunde, Geskiedenis en Toegepaste Wiskunde. Prof. N. J. Brummer is in 1910 as professor in Filosofie aangestel; aanvanklik is alleen eenjarige kursusse in Logika, Sosiologie en Etiek aangebied.

By prof. Brummer se aftrede in 1941 is dr. J. F. Kirsten as hoogleraar in Filosofie benoem. Die vak is toe reeds lank vir B.A.-, M.A.- en doktorstudente gedoseer en met die toename in die aantal studente moes 'n addisionele aanstelling gemaak word. Vanaf 1948 is dr. J. J. Degenaar lektor en vanaf 1956 senior lektor in die departement.

Die kursusse in Filosofie was hoofsaaklik ingerig in ooreenstemming met die behoeftes van die studente vir die Admissie-B.A. Maar aan die begin van 1958 het die Senaat op aandrang van die Nasionale Jeugbond en van sekere regstudente besluit om ook kursusse in Staatsfilosofie in te stel. Vanaf 1959 word in die Departement Filosofie dan vanaf die tweede jaar van die kursus tussen twee groepe onderskei: Kursus A, wat hoofsaaklik Metafisika en Godsdiensfilosofie behels met die oog op behoeftes van die Admissiestudente (hiervoor sal dr. Kirsten in hoofsaak verantwoordelik wees); en Kursus B, Staatsfilosofie wat hoofsaaklik onder dr. Degenaar sal ressorteer. Voorlopig sal die twee kursusse uitsluitingskursusse wees; dit hang af van die ondersteuning van Kursus B of dit later as selfstandige volwaardige vak aangebied sal word.

Die Universiteit vertrou dat hierdie uitbreiding waarmee hy hom weer bewus toon om die dringende eise van volk en staat tegemoet te kom, in wye kring belangstelling sal wek.

Wyle Adv. J. G. Strijdom

MET die afsterwe van Sy Hoogedele mnr. J. G. Strijdom, Eerste Minister van die Unie van Suid-Afrika, op Sondag 24 Augustus, het die Universiteit van Stellenbosch 'n belangstellende en hoogs gewaardeerde oud-student en vriend verloor. Wyle mnr. Strijdom was die vierde Premier na Unie wat 'n besondere verbintenis met ons Universiteit gehad het. Soos drie van sy voorgangers, was hy 'n oud-Matie wat hier vir sy taak gevorm is.

Mnr. Strijdom was in die jare 1910 tot 1912 woonagtig in Wilgenhof, die oudste studentekoshuis op Stellenbosch. Daarom was dit paslik dat 'n roudiens ter ere van die ontslapene die dag na sy dood in sy ou koshuis gehou is. Die diens is gelei deur prof. dr. J. J. Müller, hoogleraar aan die Stellenbosse Kweekskool. Talle hooggeplaaste oud-Wilgenhoffers, onder wie min. Eric Louw, min. P. M. K. le Roux, dr. Otto du Plessis, Administrateur van Kaapland en sen. J. C. Pauw was teenwoordig.

Prof. Müller het Timothéüs 4, vers 7—8 as teksvers geneem: „Ek het die goeie stryd gestry; ek het die wedloop voleindig; ek het die geloof behou. Verder is vir my weggelê die kroon van die geregtigheid wat die Here, die regverdige Regter, my in dié dag sal gee . . . ." Na prof. Müller se huldigingswoord het die Kraaie, Wilgenhof se bekende koor, die Onse Vader gesing. Daarmee was die kort maar roerende plegtigheid verby.

Twee dae later is die groot roudiens in die Nuwe Kerk gehou toe ds. T. C. B. Stofberg die woord gevoer het en mnr. Strijdom as vegter gehuldig het, as 'n stryder wat die geloof behou het geloof in sy roeping en taak en in God wat oor die lotgevalle van sy volk beskik.

Die Universiteit van Stellenbosch is dankbaar vir hierdie groot man van ons volk wat hier onder ons eike gewandel het en op ons sportvelde gespeel het. Ons is dankbaar vir die groot gawes wat Johannes Gerhardus Strijdom so mildelik weer aan ons land en volk en aan ons jong mense teruggegee het. Dit is vir die hele Universiteit 'n bron van genoegdoening dat mnr. Strijdom verlede jaar nog self die openingsplegtigheid van die nuwe D. F. Malangebou vir Anatomie en Fisiologie kon waarneem en dat hy hom self kon vergewis van die groot ontwikkeling wat die Universiteit tans



Wyle adv. J. G. Strijdom en die Rektor, prof. H. B. Thom, by geleentheid van die openingsfunksie by die D. F. Malan-gebou vir Anatomie en Fisiologie, 27 Februarie 1957.

deurmaak. Sy stoere gees as volksman en as besieler van die jeug sal ons inspirasie bly.

Die Universiteit het met innige dank en waardering kennis geneem dat 'n skenking van £1.000 in mnr. Strijdom se testament aan die Universiteit bemaak is. Hierdie skenking is onderhewig aan 'n lewensvruggebruik deur die oorledene se broer, mnr. M. Strijdom van Port Elizabeth. Die kapitaal vorm deel van 'n trust genoem die M. Strijdom-Trust en sal na die oorlyde van die erfgenaam aan die Universiteit oorbetaal word. Die Universiteit stel hierdie blyke van mnr. J. G. Strijdom se goedgesindheid hoog op prys.

Dr. H. F. Verwoerd

DIT is vir *Matieland* 'n aangename plig om namens ons skaar van oudstudente 'n hartlike woord van gelukwense te rig aan ons geagte nuwe Eerste Minister, dr. H. F. Verwoerd. Dr. Verwoerd, vyfde in die ry van oud-Maties wat die hoogste sport in die landsadministrasie bereik, is die eerste Premier van die Unie wat beide as student en as dosent aan die Universiteit van Stellenbosch verbonde was.

Hendrik Frensch Verwoerd het in 1919 as student aan die Universiteit ingeskrywe en vervolgens die grade B.A. cum laude (1921), M.A. cum laude (1922) en D.Phil (1924) behaal. Hy het ook in Amerika en Duitsland gestudeer. Vanaf 1928 tot 1932 het dr. Verwoerd die professoraat in Toegepaste Sielkunde en Psigotegniek beklee en toe die nuwe departement van Sosiologie en Maatskaplike Werk ingestel is, het hy die eerste hoogleraar in die nuwe departement op Stellenbosch geword. Hierdie pos het hy vanaf 1932 tot 1937 beklee toe hy na die Transvaal verhuis het om die hoofredakteurskap van *Die Transvaler* te aanvaar.

Geslagte van studente sal dr. Verwoerd se dinamiese persoonlikheid, sy groot werkkrag, sy wetenskaplike benadering van sy vak sowel as sy menslikheid en toeganklikheid onthou. Ons vertrou en weet dat sy groot gawes van hoof en hart ten beste in diens van ons land en volk aangewend sal word.

Mev. Verwoerd was mej. Betsie Schoombee; sy het die grade B.A. (cum laude), M.A. (Afrikaans-Nederlands) en B.Ed. (cum laude) aan ons Universiteit verwerf. Haar tydgenote onthou haar as besonder intelligente student en as innemende mens wat 'n stempel op die studentelewe afgedruk het. Ook aan haar wil *Matieland* namens die oudstudente van Stellen-

Die Eerste Minister, dr. H. F. Verwoerd

BANK EN SPAAR BY

VOLKSKAS

DIS U EIE BANK

VOLKSKAS
BEPERK

(Geregistreerde Handelsbank)

HOOFKANTOOR: PRETORIA

So SAG . . . So LIG . . . So BEVREDIGEND

bosch sy hartlike gelukwensinge oordra met die hoop dat sy in die veeleisende en verantwoordelike taak van Premiersvrou 'n nuwe uitdaging vir haar eie seldsame gawes van menslikheid en naastediens mag vind.

Wetenskaplike Kaart van S.W.A. oorhandig

MNR. D. W. KRYNAUW, M.A., die Hoofargivaris van Suidwes en Aangrensende Gebiede, gevestig te Windhoek, het onlangs op 'n rondreis deur die Unie by Stellenbosch aangedoen om 'n pas-verskene wetenskaplike kaart van Suidwes-Afrika aan die Universiteit te oorhandig. Dit was interessant om van mnr. Krynauw wat ook Sekretaris van die Wetenskaplike Vereniging van Suidwes is, te hoor van al die moeilikhede wat met die kartografiese bewerking van so 'n groot gebied gepaard gaan.

Die kaart self is 'n pragwerk wat aan die hoogste wetenskaplike eise voldoen. Dit gee 'n menigte besonderhede: monumente, rotstekeninge, wild, mineraalneerslae, reënval, ens., en is 'n baie waardevolle geskenk wat nuttig in bv. die departemente van Geologie, Geografie en Geskiedenis gebruik kan word. Die Universiteit is baie dankbaar vir die vriendelike gebaar en verseker die Wetenskaplike Vereniging van sy hoë waardering vir die geskenk.

Prof. J. A. Wiid lê die tuig neer

PROF. J. A. WIID wat sedert 1928 die leerstoel in Suid-Afrikaanse Geskiedenis aan die Universiteit beklee, tree aan die einde van die jaar af.

Dr. Wiid is op 16 Julie 1893 in die distrik Hopetown gebore en is later vir sy skoolopleiding na die Hoër Jongenskool op Wellington. Tydens en na sy studiejare op Stellenbosch het hy op verskeie plekke in die Vrystaat onderwys gegee en later ook in Windhoek. Hy was een van die eerste studente wat die M.A.-graad in Geskiedenis op Stellenbosch behaal het. In 1923 is hy vir verdere studie na Duitsland; na ses maande in Leipzig, is hy na München waar hy die doktorale kursus, met Geskiedenis as hoofvak en Pedagogiek en Geografie as byvakke, gevolg het en mettertyd onder prof. Hermann Oncken gepromoveer het.

Terug in sy vaderland, het dr. Wiid 'n aanstelling as lektor in die Departement Geskiedenis op Stellenbosch aanvaar om prof. S. F. N. Gie behulpsaam te wees. Vanaf 1928 is hy professor in die vak en het hy die afdeling Suid-Afrikaanse Geskiedenis gedoseer.

Ook as geskiedskrywer het dr. Wiid bekendheid verwerf. Die bekendste werk waaraan sy naam verbind word, is die *Geskiedenis van Suid-Afrika* wat in 1952 in twee dele verskyn het en waarvan prof. Wiid saam met prof. A. J. H. van der Walt en dr. A. L. Geyer redakteur was. Benewens die hoofstukke wat hy hiervoor geskryf het, het hy verskeie ander artikels van wetenskaplike aard voltooi.

Dit is egter jammer dat prof. Wiid nie véél meer geskryf het nie, want wát hy wel geskryf het, getuig van 'n ruime blik en 'n diep, deurdagte historiese insig. Daarby, miskien moet 'n mens sê dáárom, beskik hy oor die vermoë om 'n saak helder en eenvoudig te stel.

Vir almal van ons wat dr. Wiid goed leer ken het, het hy 'n ware vriend en vader geword. Sy diepe innerlike menslikheid en die gasvryheid van hom en mev. Wiid het 'n mens altyd getref. Ons wens hom en sy eggenote dan ook 'n welverdiende rus toe. Vir mev. Wiid sal dit waarskynlik nie veel van 'n rus beteken nie, want as kranige jagter en hengelaar sal prof. Wiid natuurlik nou veel meer wild en vis wat voorberei moet word, huis toe bring!

Dr. Wiid het met verloop van tyd 'n plek in ons Geskiedenis-departement ingeneem wat,



Prof. J. A Wiid

noudat dit leeg word, vir almal van ons wat met hom saamgewerk het, 'n leemte sal wees.

D.J.K.

Reis van Prof. H. E. Brink

PROF. H. E. BRINK, hoogleraar in die Fisiologie aan die Universiteit van Stellenbosch, het aan die begin van Augustus na Stellenbosch teruggekeer nadat hy 'n besonder interessante en uitgebreide reis deur Midde-Afrika onderneem het. Hy het per motor gereis en sowat 14.000 myl afgelê.

Prof. Brink het op 15 April vertrek en langs die kus tot by Durban gereis. Daarvandaan is hy na die Kruger-Park, die Rhodesiës, Tanganjika, Uganda en die Belgiese Kongo. Sy hoofdoel was om 'n sekere soort padda wat hy tot dusver nie op die koue Marion-Eiland kon vind nie, in die tropiese gebiede op te spoor. Hierdie keer was hy suksesvol. Prof. Brink stel veral belang in die skildkliere van hierdie paddas. Indien hy daarin slaag om 'n aantal van hierdie paddas op Marion-Eiland te vind, sal hy 'n interessante studie kan maak van die rol wat temperatuur i.v.m. die skildklier speel.

Behalwe die Kruger-Park het prof. Brink ook die volgende reservate besoek: die Namanga-Wildreservaat naby Nairobi, die Ngorongoro-Krater naby Arusha in Tanganjika, die Murchison-Valle-Reservaat in Uganda en die Koningin Elizabeth-Park wat van die suide van Uganda tot in die Belgiese Kongo strek.

Prof. Brink het ook die Pigmieë in die Ituri-Woud gaan besigtig en die verlore stad Gedi aan die kus van Kenia besoek. Hy het 'n hele aantal oud-Maties by Eldoret in Kenia ontmoet.

Opknappingskursus vir Wetenskaponderwysers

IN medewerking met die Kaaplandse Onderwysdepartement is daar aan die Universiteit van Stellenbosch vanaf 7 tot 18 Julie 1958 'n opknappingskursus vir wetenskaponderwysers gehou wat wye belangstelling gewek het en deur ongeveer 150 leerkragte bygewoon is.

Op verskillende gebiede van die wetenskap is lesings en demonstrasies deur dosente en amptenare van die Universiteit en ook deur kursusgangers gegee. Die gebiede van die fisika, die chemie, die biologiese wetenskappe en ook die metodiek van die betrokke skoolvakke is by die behandeling betrek. Die formele lesings is telkens afgewissel met probleembesprekings en demonstrasies van eksperimente en spesiale apparate; hierin het ervare wetenskaponderwysers 'n groot aandeel gehad.

Gereelde uitstappies is vir die kursusgangers gereël sodat hulle wel deeglik 'n insig gekry het in die verskillende werksaamhede van die Universiteit. Besoek is ook gebring aan Rembrandt, Fisons en die Universiteit se satellietwaarnemingstasie.

Op Woensdagaand 9 Julie is die kursusgangers op 'n dinee in Huis Lydia deur die Rektor van die Universiteit, prof. H. B. Thom, onthaal. As eregas was ook teenwoordig die S.G.O., dr. J. G. Meiring. Proff. Thom en Meiring het albei kort toesprake gelewer en gewys op die hoë roeping van die wetenskaponderwyser. Ook die Burgemeester van Stellenbosch, raadslid S. W. Liebenberg, het die kursusgangers onthaal.

Op Vrydag 18 Julie is die kursus afgesluit met 'n woord van dank deur prof. dr. P. S. du Toit aan almal wat die kursus moontlik gemaak het. Prof. dr. H. B. Thom het 'n kort afskeidsboodskap tot die kursusgangers gerig en inspekteur C. R. Venter het namens die Departement van Onderwys, die Universiteit en die Reëlingskomitee bedank.

Die kursusgangers het Stellenbosch met nuwe besieling verlaat. Almal is dit eens dat die kursus baie suksesvol was en 'n instelling behoort te word. Die nuwe kennis en insig sal sekerlik aan die leerlinge oorgedra word. Verskeie briewe is intussen van persone wat die kursus bygewoon het, ontvang, waarin hulle getuig van die goeie vrugte wat die kursus reeds afwerp.

'n Medewerker skryf in *Die Unie*, die blad van die S.A.O.U., as volg: „Graag wil ons ook ons opregte waardering betuig aan die Universiteit van Stellenbosch, prof. Thom en al die dosente wat kosbare tyd opgeoffer het om ons in die nuwere ontwikkeling van die natuurwetenskappe touwys te maak. Die Universiteit van Stellenbosch vervul op die gebied van Onderwys in Kaapland, 'n besondere taak en het daarom ook onontbeerlik vir die Afrikaanse Volkslewe geword. Suid-Afrika, sonder die Universiteit van Stellenbosch, is nie meer Suid-Afrika nie."

Croll-Stipendium aan mnr. H. W. Rossouw

MNR. H. W. ROSSOUW wat in 1953 die graad B.A. cum laude en in 1955 die M.A.-graad in Filosofie cum laude behaal het, het die Croll-stipendium van £300 per jaar vir 2 jaar verower en is voornemens om vir die graad Th.D. aan die Vrije Universiteit van Amsterdam te studeer. Mnr. Rossouw het in 1957 ook die B.D.-graad verwerf en was na die voltooiing van sy studies aan die Kweek-

skool hulpleraar in die N.G.-gemeente Touwsrivier. Hy het reeds na Nederland vertrek. *Matieland* bied hom sy gelukwense en wens hom 'n vrugbare studietyd in die vreemde toe.

Kursus in Kerntegniek vir Ingenieurstudente

DIE Raad en Senaat van die Universiteit het besluit om vanaf 1959 'n kursus in kerntegniek vir vierdejaarstudente in Ingenieurswese in te stel. Die inhoud van die kursus vir die verskillende vakrigtings is soos volg:

(a) *Siviele vakrigting*: (Hoogstens 8 voorlesings en moontlik 3 praktika aan die begin van die akademiese jaar.)
   (i) Elementêre inleiding tot die basiese Kernfisika.
   (ii) Radio-aktiewe materiale en -strale, hulle eienskappe, eenvoudige teorie en gebruike van deteksie- en telinstrumente.
   (iii) Biologiese effekte, bestralingseffekte, teorie en praktyk van afskerming vir verskillende soorte uitstralings, gesondheidsfisika, dosimeters, maksimum toelaatbare bestralingsdosisse, ens.
   (iv) Praktiese werk met radio-aktiewe bronne: aktiwiteitsbepalings van byvoorbeeld P^{32}, die gebruik van radioaktiewe opspoorelemente om byvoorbeeld lekkasies in pype te vind, die bepaling van die voginhoud van gronde, die bepaling van die vloei van ondergrondse water, ens.

(b) *Werktuigkundige en Elektrotegniese vakrigtings*: (Een lesuur per week in die eerste semester, insluitende enige moontlike praktika.)
   (i) Inleidende basiese Kernfisika.
   (ii) Radio-aktiewe materiale en -strale, hulle eienskappe, deteksie, tel, registrasie en gebruike; algemene behandeling van relevante elektronika.
   (iii) Inleidende reaktorfisika — kettingreaksies, moderators, kontrole, teelprosesse, reaktor-ekonomie, termiese ontwerp, brandstofsiklusse, verwydering van afvalprodukte, aanwending van splytprodukte, reaktortipes, ens.
   (iv) Biologiese effekte: bestralingseffekte, teorie en praktyk van afskerming, gesondheidsfisika, maksimum toelaatbare bestralingsdosisse, ens.

Prof. P. Serton tree af

IN Julie 1920 het prof. P. Serton uit Nederland na Suid-Afrika gekom om die leerstoel in Aardrykskunde aan die Universiteit van Stellenbosch te vul. Dit is prof. Serton se verdienste dat hy die hele kursus herorganiseer het, dit 'n Suid-Afrikaanse kleur gegee het en dat hy dadelik begin het met beskrywende geografie met die mens as middelpunt. Voor die tyd is die vak wel aan die Universiteit gedoseer, maar dit was nie baie planmatig nie en het hoofsaaklik 'n bietjie sterrekunde, geologie en historiese geografie behels.

Veel meer aandag is dadelik bestee aan ekonomiese geografie met vanselfsprekend die natuurlike toestande as uitgangspunt; met die meer gevorderde studente is ook heelwat tyd aan die politieke geografie gewy. Die hele leerplan is so ingerig dat die studente 'n breë uitsig oor die vakgebied kry en dit vorm as sodanig nie alleen 'n goeie basis vir toekomstige onderwysers nie, maar ook vir mense wat hulle in baie ander rigtings wil begewe. Die kursus het groot vormende en aanpassende waarde vir almal wat dit bestudeer.

Onder prof. Serton se leiding het die Departement dan ook vinnig gegroei en 'n sterk

Prof. P. Serton

afdeling geword. Sy eerste assistent was 'n deeltydse lektrise, mej. M. le Roux. In 1928 is 'n voltydse lektor aangestel en binne 10 jaar daarna nog 'n lektor. In 1956 is 'n tegniese assistent in die Departement benoem en die hulp van 'n aantal studente-assistente word ook nuttig gebruik. Die twee lektorsposte is intussen omskep in twee senior lektorate.

Die uitbreiding van die doserende personeel is egter nie so indrukwekkend as wat die toename in die getalle studente is nie. Prof. Serton het begin met een tweedejaar-B.A. en ongeveer 20 eerstejaars. Vandag is die totale getal studente wat aardrykskunde neem, oor die 460 wat die volgende kursusse insluit: doktorsgraad, M.A., B.A., H.P.O.D., B.Comm. (Ekonomiese Geografie) en B.Sc. Landbou (Klimatologie).

Met die opstel van die leerplanne het prof. Serton 'n eienskap openbaar wat ook later by verskillende geleenthede baie duidelik na vore gekom het. Hy is 'n man wat dinge in die juiste perspektief kan sien en wat baie ewewigtig sy gevolgtrekkings kan maak. Dit sien ons o.a. in sy boek „Zuid-Afrika" en in die boeiende reeks lesings oor Suid-Amerika wat hy ná 'n besoek aan daardie vasteland gegee het. Daarmee hang saam sy vermoë om sy kennis en oordeel op 'n pakkende wyse voor te dra, 'n eienskap wat altyd deur sy studente bewonder is.

Almal wat in die geografie belangstel, beskou prof. Serton as 'n groot geograaf. Hy was al herhaalde kere President van die S.A. Geografiese Vereniging en onlangs is hy ook as erelewenslid van die Vereniging vir Geografie-Onderwys gekies.

'n Getroude man kan en mag nie individueel op sy suksesse aanspraak maak nie en prof. Serton is dan ook sekerlik een van dié manne wat sy doeleindes in die lewe kon bereik met die simpatieke bystand en ondersteuning van sy eggenote. Waar ek namens alle huidige en oudstudente 'n opregte woord van dank en waardering teenoor prof. Serton wil uitspreek vir alles wat hy vir sy studente, sy Departement en die Universiteit in die algemeen gedoen het, wil ek mev. Serton ook graag daarby betrek. Mag hulle die welverdiende rustyd geniet en nog lank gesond en gelukkig in ons midde verkeer.

D.J.C.

Alumni in die Vergrote Kabinet

ONDER die nuwe aanstellings in die Kabinet is daar verskeie oudstudente van Stellenbosch wat *Matieland* hiermee graag van harte gelukwens.

Dr. Albert Hertzog, Minister van Pos- en Telegraafwese en van Volkswelsyn, is die eerste lid van die Unie-Kabinet wie se vader Eerste Minister was. Hy is die oudste seun van wyle genl. J. B. M. Hertzog. Hy is die tweede lid van die huidige Kabinet wie se vader ook Minister was; die ander is min. P. O. Sauer. Dr. Hertzog is op 4 Julie 1899 in Bloemfontein gebore. Hy het op Stellenbosch (B.A. 1918) en later ook in Amsterdam en Oxford studeer. Hy het 'n doktorsgraad in die regte aan die Universiteit van Leiden behaal.

Mnr. D. C. H. Uys, Minister van Landbouekonomie en Bemarking, is in die distrik Bredasdorp gebore en het ook aan die Universiteit van Stellenbosch studeer voor hy hom op die boerdery toegelê het. Hy is naas graanboer ook 'n vooraanstaande teler van Jerseybeeste en Wanganellas. Hy is onder meer lid van die Koringraad en direkteur van verskeie ander ondernemings.

Adv. B. J. Vorster, Adjunk-Minister van Onderwys, Kuns en Wetenskap, van Volkswelsyn en van Pensioene, is in 1915 in Jamestown gebore. Hy het die grade B.A. (1936) en LL.B. (1938) aan die Universiteit van Stellenbosch verwerf. Nadat hy in Kaapstad registrateur was van wyle Regter-President H. S. van Zijl, was hy eers in Port Elizabeth en toe in Brakpan prokureur. Hy praktiseer nou as advokaat in Johannesburg. Hy is in 1941 met mej. Tini Malan (B.A. Maatskaplike Werk 1938) getroud.

Aan hierdie alumni en ander wat reeds vroeër lid van die Kabinet was, wil *Matieland* alle sterkte toewens in die groot en gedugte take wat voorlê.

Prof. Bruwer doseer in die V.S.A.

AAN Prof. J. P. v. S. Bruwer, professor in Volkekunde aan die Universiteit, is deur die Senaat toestemming verleen om vir ongeveer 4 maande van sy lang verlof gedurende 1959 as besoekende dosent aan die „School for Advanced International Studies" van die Johns Hopkins-Universiteit in die V.S.A. op te tree. Prof. Bruwer sal as plaasvervanger vir een van die professore aan genoemde inrigting diens doen en sal veral lesings oor die bevolking van Suid-Afrika en probleme inherent aan ons land sowel as oor die plek van Suid-Afrika in Afrika-verband moet behartig. Ons wens hom 'n prikkelende en vrugbare verblyf in die V.S.A. toe.

Van der Post-Biblioteek aan Universiteit geskenk

MNR. A. P. VAN DER POST wat van 1939 tot 1950 die Unie se Handelskommissaris in Londen was, het sy waardevolle biblioteek van oor die duisend boekdele aan die Universiteit bemaak. Mnr. Van der Post het in 1911, in die dae van die Victoria-Kollege, die B.A.-graad verwerf en was vir baie jare 'n vooraanstaande amptenaar in die Unie-Departement van Landbou. Sedert sy aftrede uit die Staatsdiens het hy in Pretoria gewoon waar hy onlangs oorlede is.

Die boekery dek 'n wye gebied; daar is biografieë en naslaanwerke en 'n groot aantal boeke wat handel oor rasseprobleme, staathuishoudkunde, landbou, regswetenskap, godsdiens en geskiedenis. Veral op laasgenoemde gebied is daar 'n aantal uiters waardevolle werke wat 'n groot aanwins vir die Universiteit se biblioteek sal wees.

Hierdie besielende gebaar van mnr. Van der Post word deur die Universiteit hoog op prys gestel, te meer waar dit die bevordering van die studie in 'n hele aantal departemente van die Universiteit geld. Mnr. Van der Post se veelsydige belangstelling en sy goeie boekekennis word in sy boekeversameling weerspieël. Hy het 'n navolgenswaardige voorbeeld aan ander oudstudente gestel.

Wolnit-Wisselbeker vir Redenaars

DIE firma Wolnit-Korporasie Bpk. het 'n wisselbeker waarvoor studente deur middel van 'n redenaarskompetisie kan meeding, aan die Universiteit geskenk. Die wenner van die beker sal, benewens 'n replika van die wisselbeker, ook 'n studiebeurs van ten minste £25 vir die bepaalde jaar ontvang.

Die Senaat het dit aan die Vereniging vir Ekonomie en Handel opgedra om, in samewerking met die Vereniging van Sosiologie en Maatskaplike Werk en onder beskerming van die Studenteraad, vir die reëling van die redenaarskompetisies verantwoordelik te wees.

Die Universiteit is baie dank verskuldig aan Wolnit-Korporasie Bpk. vir hierdie tasbare blyke van belangstelling en aanmoediging, veral waar dit 'n gebied geld wat 'n besondere geleentheid vir ontwikkeling en mededinging aan die studente bied.

Professorate in Geskiedenis

MET die aftrede van prof. J. A. Wiid, hoogleraar in die Suid-Afrikaanse Geskiedenis, het

Dr. D. J Kotzé

daar 'n verskuiwing in die Departement van Geskiedenis plaasgevind. Prof. P. J. van der Merwe wat tot dusver die professoraat in Algemene Geskiedenis gevul het, is oorgeplaas na die professoraat in Suid-Afrikaanse Geskiedenis (die Jan Marais-Leerstoel). Dr. D. J. Kotzé, senior Lektor in die Departement, is bevorder tot Professor in Algemene Geskiedenis vanaf 1 Januarie 1959.

Twee lektoraatsposte is ook gevul: dr. M. J. Swart van Pretoria word senior lektor in die Departement en mnr. J. St. E. Pretorius, tydelike dosent, word lektor.

Prof. F. X. Laubscher se Reis

PROF. F. X. LAUBSCHER, professor in die genetika in die Landbou-Fakulteit, het onlangs van 'n reis na Kanada teruggekeer waar hy vier belangrike konferensies bygewoon het.

In Winnipeg was hy een van 'n aantal geleerdes van oor die hele wêreld wat die eerste internasionale koring-genetika-simposium bygewoon het. In Montreal het 'n monster-saamtrek van meer as 1,400 genetici uit 47 lande plaasgevind vir die Tiende Internasionale Genetiese Kongres. Daarna het prof.

My naam is Wynand.
Ek sorg vir Ria.
Ons geld lê saam
by Saambou.
Ons huis staan
al dakhoogte.

SAAMBOU

(PERMANENTE)
BOUVERENIGING

Hoofkantoor: Saambou-gebou, h/v Burg- en Kasteelstraat, Kaapstad. TAKKE EN AGENTSKAPPE ORAL IN DIE UNIE EN S.W.A

VZ. 9

ONTHOU,
wat u graag wil lees,
staan altyd in
DIE Huisgenoot
die gewilde weekblad
vir die HELE gesin

— — — INTEKENVORM — — —

DIE SIRKULASIEBESTUURDER,
DIE HUISGENOOT, Posbus 1802, KAAPSTAD.

Geagte Heer,

Hiermee teken ek in op DIE HUISGENOOT, waarvoor ek die som van £..... vir 12 maande/6 maande insluit

Stuur dit aan:

NAAM .....

ADRES .....

.....

.....

Datum .....

Ek is 'n ou/nuwe intekenaar. (Haal deur wat nie van toepassing is nie.) (S.K.)

INTEKENGELD

	1 jaar	6 maande
UNIE	£1 15 0	17/6
RHODESIË	£1 17 0	18/6
BUITELAND	£2 10 0	25/0

As betaling per tjek geskied, voeg asb. bankkommissie by.

Deur 'n gereelde intekenaar te word kan u aansienlik bespaar, want dan ontvang u DIE HUISGENOOT vir 'n hele jaar teen slegs 35/- (vir 6 maande teen 17/6).

Vir die gerief van voornemende intekenaars plaas ons hiernaas 'n intekenvorm.

Laubscher ook deelgeneem aan die Internasionale Biometriese Kongres te Ottawa waar 'n simposium oor die biometriese genetika gehou is. Uiteindelik het prof. Laubscher saam met die Rektor van ons Universiteit, prof. H. B. Thom, as amptelike verteenwoordiger die groot kongres van die „Association of Universities of the British Commonwealth" in Montreal bygewoon.

Volgens prof. Laubscher se mening was 'n paar van hierdie kongresse te groot van omvang om van werklike waarde vir die individu te wees. Hy is die meeste beïndruk deur die Koring-genetika-simposium wat veel kleiner van omvang was en toegespits was op 'n gespesialiseerde vakgebied. Dan was die universiteitskongres ook 'n hoogs interessante geleentheid waarby o.a. Suid-Afrika se opvoedingsbeleid teenoor die nie-blanke rasse onder die soeklig gekom het. Die hoofde van die Suid-Afrikaanse Universiteite het op 'n baie wetenskaplike en oortuigende manier die toestande in ons land in die regte perspektief gestel.

Prof. Laubscher het dit veral opvallend gevind dat die belangrikheid van universitêre studie in die moderne tydsgewrig al meer en meer besef word. Een van die positiefste resultate van hierdie besef is dat die metodes van universitêre onderrig streng krities ondersoek word en dat meer klem gelê word op die verskillende variasies in die menslike vermoë, veral met betrekking tot die skrander student.

Die finansiering van die universiteite in die buiteland, en veral in die V.S.A. en Kanada, is baie liberaler as by ons. In Kanada skenk die staat geld vir kapitale uitgawes i.p.v. dit te leen en die staatsbydrae vir lopende uitgawes is onlangs met 50 persent vermeerder.

Queen's College, Kingston, was vir prof. Laubscher 'n treffende voorbeeld in hierdie verband, ook omdat dit 1.000 studente minder as Stellenbosch het. Die jaarlikse bydrae van dié inrigting se oudstudente bedra 130,000 dollar, instansies soos nywerhede en maatskappye gee jaarliks 4 miljoen dollar, terwyl die provinsie Ontario 1 miljoen dollar vir kapitale uitgawes en die Kanadese Regering nog 2 miljoen dollar bydra. Van hierdie bronne gesamentlik kry die Kollege dus oor die 7 miljoen dollar, 'n bedrag wat ongeveer gelykstaan aan £3,000,000!

„Oil-o-matic Fellowship Award" 1958

DIE Eureka Williams Corporation van Illinois, V.S.A., loof jaarliks 'n sogenaamde „Oil-o-Matic Fellowship" uit met die oog op die bevordering van internasionale vriendskap en welwillendheid. Hierdie toekenning is vanjaar vir die eerste keer deur 'n Suid-Afrikaner verower, en wel deur dr. Andrew Gray, vroeër van Kimberley, wat aan die Universiteit van Stellenbosch gestudeer het (M.Sc. 1954 cum laude) en in 1957 as junior lektor in chemie aan die Universiteit van Kaapstad verbonde was. Die beurs wat dr. Gray verower het en waarmee „Matieland" hom van harte gelukwens, sal sy reiskoste na die Verenigde State dek, sowel as sy verblyf- en studiekoste vir 'n jaar aan 'n Amerikaanse Universiteit.

Kursus i.v.m. Radio-isotope

OP versoek van die W.N.N.R., en in samewerking met genoemde liggaam en die Departement van Landbou, reël die Merensky-Instituut vir Fisika van die Universiteit 'n spesiale kursus oor die aanwending van radio-isotope in die industrie en in die landbou. Die kursus word van 1 tot 13 Desember op Stellenbosch gehou.

Die kursus sal veral die aandag vestig op die moontlike toepassing van die kernfisika op verskillende gebiede en daar word gehoop dat baie van die kursusgangers later vir meer gespesialiseerde kursusse sal inskryf. Die chemiese aspekte van die aanwending van radioisotope sal ook ter sprake kom.

Die Senaat van die Universiteit het verlof gegee dat die Departement van Fisika vir doeleindes van die kursus gebruik mag word. Fasiliteite by die Vrugtenavorsingstasie van die Westelike Provinsie sal ook aangewend word.

Aftrede van Prof. I. de V. Malherbe

IZAK de Villiers Malherbe is op 25 Januarie 1888 op 'n wynplaas in die Paarl-distrik gebore.

Hy was 'n leerling aan die Paarlse Hoër Jongenskool en het later aan die Victoria-Kollege gestudeer en in 1908 die B.A.-graad in Chemie en Botanie behaal. Nadat hy vir 'n jaar met die boerdery op die plaas behulpsaam was, het hy sy studies aan die T.U.K. in Pretoria voortgesit en die Honneurs-B.A. in Chemie in 1910 verwerf. Aan die begin van 1912 vertrek hy na Europa om aan die Berlynse Universiteit verder te studeer. Daar het hy vir die eerste keer met die vak grondkunde kennis gemaak, en dit het ook sy hoofstudierigting geword. Benewens grondkunde waarin hy sy opleiding onder die „Ou Meester", prof. E. Ramann in München, gekry het, het hy ook

chemie, botanie en mineralogie as byvakke bestudeer en in die begin van 1915 die Ph.D.-graad (Magna Cum Laude) behaal.

Weens die Eerste Wêreldoorlog kon hy Duitsland nie na voltooiing van sy studies verlaat nie. Hy het met navorsingswerk voortgegaan, en vanaf 1916 die leiding oor al die bemestingsproewe in potte, akker en weilande onder professor Ahr op die groot proefplaas Weihen-Stephan-Freising in Beiere waargeneem. Na die Wapenstilstand keer hy na Suid-Afrika terug waar hy onmiddellik na sy aankoms in Maart 1919 as waarnemende professor, en drie jaar later as professor in Landbouchemie aan die Universiteit van Stellenbosch aangestel word.

Reeds aan die begin van sy akademiese loopbaan op Stellenbosch het dr. Malherbe die Huis vir Potproewe op Welgevallen laat oprig, waar sedertdien belangrike proefwerk in verband met plantvoeding deur homself of onder sy leiding uitgevoer is. Sedert amalgamasie met Elsenburg in 1926 word onder sy leiding uitgebreide koöperatiewe bemestingsproewe in die Winterreënstreek uitgevoer om sodoende die misstofbehoefte van die belangrikste akkerbougewasse vas te stel. Hierdie belangrike werk het dan ook met die loop van jare die grondslag gelê vir doeltreffende stelsels van bemesting van ons belangrikste akkerbougewasse in die streek.

Prof. I. de V. Malherbe

Vanaf 1919 tot 1928 was hy die enigste dosent in Landbouchemie. Alle lesings en praktiese klasse van alle jaargange is deur hom alleen behartig, tog het hy nog daarbenewens die tyd gevind om met navorsingswerk voort te gaan. Verskeie wetenskaplike en populêre publikasies oor grondvrugbaarheids- en bemestingsprobleme het van sy hand verskyn. In 1933 skrywe hy die nou bekende leerboek in Afrikaans „Grondvrugbaarheid", wat tans weer vir die tiende oplaag verwerk word. In 1948 verskyn die eerste Engelse vertaling van hierdie boek wat sedertdien 'n baie goeie afset in die buiteland geniet.

Prof. I. de V. Malherbe was vir meer as 15 jaar Dekaan van die Fakulteit van Landbou. Tydens die afwesigheid van Dr. P. A. v. d. Byl in 1934 het hy ook as Prinsipaal van die S. E. Landboukollege waargeneem.

Wanneer hy nou op 31 Desember 1958 sy betrekking ná 41 jaar diens aan die Universiteit van Stellenbosch neerlê, sal sy studente, oud-studente en sy kollegas baie jammer wees om van hom afskeid te neem, maar terselfdertyd sal hulle ook opreg dankbaar wees dat hul vir soveel jare van sy voortreflike leiding en dienste gebruik kon maak.

As professor het die belange van sy studente en sy Universiteit altyd by hom eerste gekom. Naas sy gesonde oordeelvermoë het hy oor die gelukkige gawe beskik om sy rype kennis en ondervinding op vrugbare wyse aan sy studente en die boeregemeenskap oor te dra. Deur die ywer en toegewydheid waarmee hy sy lewenstaak uitgevoer het, die opregtheid wat hy in sy handel en wandel aan die dag gelê het en die liefde wat hy vir sy medemens betoon het, wat alles so 'n natuurlike uitvloeisel van sy persoonlikheid was, het hy vir oud en jonk 'n voorbeeld gestel waarvoor ons nie dankbaar genoeg kan wees nie.

Dit is ook ons opregte wens dat die tydperk van welverdiende rus wat op 31 Desember 1958 vir hom sal aanbreek, een van goeie gesondheid en baie gelukkige dae sal wees.

M.H.S.

Shell-beurse

DIE Shell-Maatskappy van Suid-Afrika, Bpk., het 'n nuwe beurskema aangekondig wat aan die begin van 1959 in werking tree en wat die som van £40,000 sal omvat. Die doelstelling van die beurse is om eersterangse studente van die universiteite aan die Suid-Afrikaanse

handel en nywerheid, onderwys en staatsdiens beskikbaar te stel.

Daar is twee soorte beurse: (a) voorgraadse beurse van £200 per jaar vir drie jaar. Houers hiervan moet reeds 'n jaar universitêre studie agter die rug hê en moet onderneem om 'n studietyd van vier jaar te voltooi en om minstens 'n meesters- of honneurs-graad te neem. (b) Nagraadse beurse bedra £200 p.j. vir twee jaar, en is beskikbaar vir kandidate wat reeds 'n graad behaal het.

Een voorgraadse en een nagraadse beurs sal jaarliks by elk van die 8 Suid-Afrikaanse residensiële universiteite toegeken word. Afgesien van akademiese prestasies sal karakter en leierskaphoedanighede ook in aanmerking geneem word. Aansoeke geskied direk aan die Registrateur van die betrokke Universiteit.

Hierdie nuwe beurse staan los van die jaarlikse nagraadse Shell-beurse wat reeds aan knap Suid-Afrikaanse studente in die toegepaste wetenskappe vir voortgesette studie in Engeland toegeken word. Die Shell-maatskappy verdien die dank en waardering van akademiese kringe vir hierdie tasbare blyke van vertroue en aanmoediging in diens van die hoër onderwys in ons land.

Uitbreiding van Huishoudkundegebou

ONS lesers herinner hulle seker die artikel van dr. Mattie Jooste in die voorafgaande nommer van *Matieland* waarin sy op indrukwekkende wyse die omvang van die bedrywighede in die departement van Huishoudkunde geskets het.

Met die aanwas van studentegetalle en die uitbreiding en ontwikkeling op verskillende vakgebiede binne die Departement, is die tekort aan ruimte in die gebou 'n ernstige probleem. Die Raad van die Universiteit het nou die oprigting van die derde verdieping van die Huishoudkundegebou goedgekeur en met die bouwerk is alreeds 'n aanvang gemaak.

Soos vyf-en-twintig jaar gelede met die oprigting van die gebou, het die Vroueverenigingen van die Universiteit weer 'n reuseaandeel in die insameling van fondse gehad en £4,500 is reeds van dié bron ontvang. Die Vroue-Landbouvereniging van Kaapland het die mooi bedrag van £3,000 bygedra. Met verdere bydraes van die Regering sal die derde verdieping in alle opsigte 'n aanwins vir die Departement wees en die opleiding van huishoudkundiges aan ons Universiteit doeltreffender maak.

Nuwe Aanstellings

DR. D. J. KOTZÉ, Senior Lektor in Geskiedenis aan die Universiteit, is vanaf 1 Januarie 1959 tot hoogleraar in Algemene Geskiedenis bevorder. Hy het die grade B.A. cum laude 1947, M.A. cum laude en D.Phil. (1954) aan die Universiteit van Stellenbosch verwerf en het ook in Nederland gestudeer. Dr. Kotzé stel veral belang in die moderne geskiedenis en in die studie van ideologieë en hy is nou besig met 'n verhandeling oor die Kommunisme en die Sosialisme wat hy by die Vrije Universiteit van Amsterdam sal indien vir 'n tweede doktorsgraad.

Dr. H. J. R. Dürr, Senior Lektor in Insektekunde in die Landbou-Fakulteit, is bevorder tot hoogleraar in die vak in die plek van prof. J. T. Potgieter. Dr. Dürr het die B.Sc.-graad in 1941 verwerf met Chemie en Soölogie as hoofvakke en die M.Sc. in Soölogie-Entomologie in 1944. Vir die D.Sc.-graad het dr. Dürr uiters waardevolle navorsing oor die Italiaanse kewer gedoen. Hy het ook aan die Biologieafdeling van die Britse Museum in Londen gestudeer en landbouproefstasies in Engeland en Nederland besoek. Dr. Dürr is op die oomblik besig met navorsing oor die bestryding



Dr. H. J. R. Durr

Die Trust Bank van Afrika Beperk

(Voorheen Federale Trust Beperk)

vir

★ **Veilige, Winsgewende Belegging van Geld**

★ **Billike Lenings-, Huurkoop- en Dienstefasiliteite**

★ **Vra vir Brosjures**

Posbus 353, Kaapstad.	Tel. 2-1091.
Posbus 10715, Johannesburg.	Tel. 835-5021.
Posbus 1051, Bloemfontein.	Tel. 8-9461.
Posbus 141, Port Elizabeth.	Tel. 2-7731.
Smithstraat 417, Durban.	Tel. 6-4317.

(Gereg. Depositonemende Inst.)

VZ 1729A/1

van plantluise en hoop dat die resultate daarvan van belang sal wees vir nadere kennis o.a. oor die oordra van virussiektes.

Mnr. M. G. Loubser, C.A., is as Senior Lektor in Rekeningkunde in die Fakulteit van Handel aangestel.

Mej. M. van der Merwe wat haar op die oomblik bekwaam vir die graad M.Sc. in Voedingsleer aan die Universiteit van Iowa, is as lektrise in die Departement Huishoudkunde benoem.

Mev. M. Olivier, Senior Lektrise en mev. L. Nel, Lektrise, lê hulle betrekkings in die Departement Huishoudkunde respektiewelik op 31 Oktober en 31 Desember neer. Mnr. C. R. F. Williams sal weens bereiking van die aftree-ouderdom sy betrekking as Lektor in Bosbou op 31 Desember neerlê.

Honneursgraad in Bosbou

SOOS reeds in ander departemente en fakulteite van die Universiteit die geval is, word daar ook nou in die Fakulteit van Bosbou 'n honneurs-B.Sc.-graadkursus ingestel. Tot die graad Honneurs-B.Sc. in Bosbou word toegelaat studente wat:

(i) In besit is van die graad B.Sc. in Bosbou van hierdie Universiteit, of van 'n ander baccalaureusgraad in Bosbou of kwalifikasie deur die Universiteit as voldoende beskou, op voorwaarde dat die aard van hulle vorige studies, volgens die oordeel van die Senaat, 'n voldoende voorbereiding vir die Honneurs-B.Sc. in Bosbou vorm;

(ii) 'n Goedgekeurde leergang van gevorderde studie van ten minste een jaar gevolg het en in die eksamen geslaag het.

Onderhewig aan die bepalinge vir die B.Sc.-kursus in Bosbou, bestaan die Honneurs-B.Sc.-kursus in Bosbou uit 'n verdere studie van een van die hoofvakke vir B.Sc. in Bosbou, en die studie van sodanige ander vakke as wat die Senaat mag vereis.

Van Heinde en Verre

Ds. W. J. Theron (B.A. 1899), vader van een van die Bestuurslede van die oud-Matiebond-tak in Pretoria, mev. H. C. Raubenheimer, is onlangs in die ouderdom van 86 jaar oorlede. Ds. Theron het in 1899 sy studie op Stellenbosch voltooi en het as proponent met die bearbeiding van die Boerekrygsgevangenes by Simonstad gehelp. Nadat hy die gemeentes Winburg, Marquard, Knysna en Hopetown bedien het, het hy in 1937 sy emeritaat aanvaar en vervolgens in die Strand en in Pretoria gewoon. Ds. Theron se eggenote, 'n nooi Hauptfleisch wat ou Stellenbossers nog sal onthou, is ook onlangs oorlede.

Prof. D. G. Franzsen (M.A., D.Phil. 1938) van die Universiteit van Pretoria is aangestel as 'n Direkteur van die Suid-Afrikaanse Reserwebank.

Mnr. H. A. Alberts (B.A. 1920) van Die Bult, P.K. Skeerpoort, sê dat hy na 35 jaar in die onderwys die tuig neergelê het.

Mnr. Jan E. Vosloo (B.Sc. Landbou 1942) skryf uit Empangeni, Zululand, dat oud-Maties in sy wêreld maar skaars is. Hy vra of ons nie 'n lugfoto van die universiteitsterrein kan plaas sodat „ou mense" soos hy die nuwe ontwikkelings in beeld kan sien nie.

Dr. J. M. Stevens (M.Sc. 1953), Lektor in Erflikheidsleer in die Landbou-Fakulteit van die Universiteit van Stellenbosch, het in Julie vanjaar aan die Universiteit van Birmingham in die genetika gepromoveer. Dr. Stevens se proefskrif het gehandel oor: „The Induction of Continuous Variation by Radiation" en sy promotor was die beroemde Britse genetikus, prof. K. Mather, D.Sc., F.R.S., C.B.E.

Mnr. Tim du Toit (B.A. 1926) praktiseer as prokureur in Pretoria.

Ds. S. J. Serfontein (B.A. 1936) van Parys is aangestel as Hoof van die Charlotte Theron-Kinderhuis te Bethlehem, een van die grootste inrigtings van sy soort in die land.

Ds. S. Marais (B.A. 1943) van Uniondale het 'n beroep na George aangeneem. Ook hy betuig sy waardering vir ons blad.

Mnr. S. A. Gerber (B.Sc., B.Ing. 1956) is nou werksaam by die Transvaalse Paaiedepartement, Ermelo.

Maj. J. P. Gous (B.A. Regte 1931) is werksaam by die Polisie-Hoofkwartiere in Pretoria.

Mnr. J. H. J. van der Merwe (M.Sc. 1927) Inspekteur van Skole in Upington en Voorsitter van die tak Gordonia-Kenhardt van die oud-Matiebond, sal vanaf Januarie 1959 in die inspekteursomgang Oudtshoorn werksaam wees.

(*Vervolg op bl.* 35)

FRICK SE NAAIMASJIENE

(gestig 1916)

VIR KWALITEIT-NAAIMASJIENE EN -ONDERDELE



Ons verkoop die beste soorte. Nuut en gebruikte masjiene. Ons handel enige ou masjien in. Reparasies en navrae word verwelkom. Groot- en Kleinhandel.

Skryf of besoek ons by· **VOORTREKKERWEG 35 (Busstop 53), PAROW of foon 98-6489.**

OF U NOUAL ALLEEN KOM OF DIE GESIN SAAMBRING

Haal Bus nr. 7 of 7N te Mainstraat 28; of kom per motor. Geselskappe word daagliks om 9.30 vm. en 2.30 nm. deur die monteerinrigting geneem.

As u in Port Elizabeth is, moet u gerus die Ford-fabriek besoek om die wonder van motorbou te aanskou.

F3256 A

DAAR WAG 'N HARTLIKE FORD-VERWELKOMING OP U!

FORD MOTOR COMPANY OF SOUTH AFRICA (PTY.) LIMITED

ARTIKELS

Plantkunde aan die Universiteit

deur PROF. P. G. JORDAAN

GEDURENDE die laaste half-eeu en veral gedurende die afgelope twintig jaar het die plantkunde as wetenskap 'n ongeëwenaarde ontwikkeling deurgemaak. Plantkundiges speel vandag in Suid-Afrika, soos in die res van die wêreld, 'n belangrike rol in die volkshuishouding, veral as navorsers in die landbou, bosbou en plantnywerhede. As gevolg van hierdie ontwikkelinge het 'n groot aanvraag na opgeleide manne en vroue vir die vakkundige en navorsingsdienste ontstaan. Ook het 'n groot aanvraag ontstaan na persone wat die vak op skole, kolleges en universiteite kan onderrig.

Hierdie veranderde toestande en die groot aanvraag na plantkundiges het die Plantkunde-departement van die Universiteit genoodsaak om 'n deeglike studie te maak van wat sy verantwoordelikhede en pligte teenoor die Universiteit, die Staat, die studente en die publiek is en van wat hy behoort te doen en kan doen om die opleiding in Plantkunde te bevorder. Vanselfsprekend is die toestand ter plase en die behoeftes van ons land goed ondersoek. Die departement was egter ook in die gelukkige posisie dat sy doserende personeel gedurende die afgelope aantal jare persoonlik kon kennis maak met die toestand in die buiteland waar die plantkunde-departemente dieselfde probleme moes oplos.

Na 'n deeglike ondersoek is die kursusse wat die departement aangebied het, hersien en heroriënteer. Die veranderinge is geleidelik gedurende die afgelope sewe jaar ingevoer en die besonderhede van die huidige kursusse is te lees in die Jaarboek van die Universiteit.

Die ruimte ontbreek om in te gaan op die rede vir en die doel van die verskillende wysiginge. Een verandering word hier tog spesiaal genoem en dit is dat dit tans moontlik is om, vanaf die vierde jaar, in een van die hoofvakgebiede van die Plantkunde te spesialiseer. Uit eie ervaring en uit die ervaring van buitelandse plantkunde-departemente is geleer dat nagraadse opleiding in Plantkunde nie tot sy reg kom indien nie vir sodanige spesialisasie voorsiening gemaak word nie. Die inhoud, benadering en metodes van die verskillende plantkundige vakgebiede is so uiteenlopend, die omvang van elke gebied so uitgebrei en die aanvraag na spesialiste so groot dat dit onmoontlik, en onnodig, is om 'n persoon te probeer oplei wat as spesialis in twee of meer plantkundige vakke kan funksioneer.

Deur ontwikkeling en uitbouing van die basiese plantkundige vakgebiede is die departement vandag in die gunstige posisie dat hy fasiliteite besit om die volgende plantkundige vakke vir die B.Sc.-Honneurs en die M.Sc. aan te bied: anatomie, morfologie, fisiologie, ekologie, sistematiek en mikologie. Met die gewaardeerde samewerking van die Departement van Fitopatologie-Mikrobiologie kan plantkunde-studente ook in Plantpatologie en Mikrobiologie spesialiseer.

Die veranderings in die organisasie van die departement is moontlik gemaak deurdat die beskikbare ruimte vergroot is, die personeel uitgebrei is en die plantkunde-studente sekere gevorderde kursusse in die departement van Fitopatologie-Mikrobiologie kan volg. Met die verhuising van die departement vir Menslike Fisiologie na die D. F. Malangebou het die Plantkunde-departement ruimte op die eerste verdieping van die Gebou vir Natuurwetenskappe bygekry. Die uitbouing van plantfisiologie as 'n nagraadse vak is moontlik gemaak deur die aanstelling van 'n Senior Lektor in plantfisiologie.

Die departement beskik oor goeie fasiliteite vir gevorderde opleiding en navorsing. Hy het ook die welwillende en gewaardeerde samewerking van ander navorsingsinrigtinge op Stellenbosch waar gevorderde studente kan werk op probleme waarvoor die departement nie die nodige fasiliteite het nie.

Die getalle studente in die Plantkunde-departement het in die afgelope aantal jare baie toegeneem. In 1950 was die getalle soos volg: eerstejaars 117; tweedejaars 7; derdejaars 1; nagraads 0. Vanjaar is die getalle soos volg: eerstejaars 272; tweedejaars 23; derdejaars 16; nagraads 8. Daar was natuurlik 'n algemene styging in die getal studente wat natuurwetenskappe bestudeer en faktore buite beheer van die departement is verantwoordelik vir die groot styging in die getal eerstejaars. Die departement hou hom egter daarvan oortuig dat die buitengewone styging in die getal studente in die kursusse na die eerste jaar, in 'n groot mate toegeskrywe moet word aan die reorganisasie in die kursusse in die departement

en die verkryging van beter fasiliteite vir voorgraadse en nagraadse opleiding.

Daar is 'n groot aanvraag na opgeleide persone in elk van die plantkundige vakgebiede. Die groot behoefte aan onderwysers, plantfisioloë en mikrobioloë word dikwels onder die aandag van die publiek gebring en dit is seker onnodig om die noodsaaklikheid van gevorderde opleiding en navorsing in hierdie rigtings te beklemtoon. Dis egter minder bekend dat daar ook 'n baie groot aanvraag is na plantpatoloë en ekoloë. 'n Groot leemte in die opset van die Plantkunde in ons land is die gebrek aan anatome, morfoloë, sistematici en mikoloë. Hierdie tipe plantkundiges moet basiese navorsing doen wat vir alle plantkundige vakgebiede en vir toepassings van die Plantkunde in die landbou, bosbou en plantnywerhede van die grootste belang is.

'n Spesiale behoefte wat die Plantkunde vandag het, is dat meer mans in die Plantkunde opgelei word. Die mans is nie net nodig vir groter kontinuïteit nie, maar veral vir vakgebiede (o.m. ekologie en sistematiek) waarvoor werk en navorsing in die veld en in die buitelug nodig is. Die grootste behoefte is aan wakker jong mense wat belang stel in die natuurwetenskappe en in lewende wesens, wat aangetrokke voel tot 'n studie van veldplante of kultuurplante en wat 'n deel wil bydra tot die oplossing van plantkundige probleme verbonde aan die veld of die landbou of die bosbou of aan ander vertakkinge van die volkshuishouding.

Die Fakulteit van Bosbou

deur PROF. G. F. L. HARTWIG

DIE Universiteit van Stellenbosch is die enigste universiteit in Suid-Afrika waar 'n graadkursus in Bosbou aangebied word. Voor 1932, toe die eerste leerstoel in Bosbou hier ingestel is, moes persone vir hul opleiding oorsee gaan. Slegs 'n geringe aantal studente kon dit bekostig en bowendien was die opleiding wat hul daar ontvang het nie genoegsaam aangepas by die besondere omstandighede wat in Suid-Afrika aangetref word nie.

By die heengaan, in 1949, van prof. E. J. Neethling, wat die eerste professor in Bosbou aan die Universiteit was, was reeds byna 60% van die hoër vakkundige beamptes van die Staatsbosboudepartement persone wat hul opleiding hier ontvang het. Tans is die syfer om en by 90%. Ons kan verwag dat oor 'n 10 tot 15 jaar die Departement in die unieke posisie sal verkeer dat al sy hoër vakkundige beamptes Oud-Maties sal wees.

Hoewel die Universiteit geldelik sy Departement van Bosbou ondersteun het o.a. met behulp van 'n jaarlikse bydrae van wyle dr. Hans Merensky, was die doserende personeel tot 1949 utsluitlik staatsamptenare. Toe in 1950 'n tweede leerstoel, nl. dié in Houttegnologie, ingestel is, hoofsaaklik as gevolg van 'n milde jaarlikse bydrae deur die Transvaalse Kamer van Mynwese en private bosbou-ondernemings, het die toestand verander, en was 'n deel van die personeel reeds voltydse universiteitsamptenare.

In 1956 vind 'n verdere ontwikkeling plaas deurdat die Universiteit in daardie jaar volle verantwoordelikheid vir die Departement aanvaar en die hele doserende personeel dus nou voltydse universiteitsamptenare word. Terwyl die Departement tot nou toe onder die Fakulteit van Landbou en Bosbou ingeskakel was, word dit in daardie jaar 'n selfstandige Fakulteit met sy eie dekaan.

Hoewel die bosboubedryf nog maar 'n jong onderneming in Suid-Afrika is, het dit in die jongste tyd geweldig in omvang toegeneem en staan groot ontwikkelings voor die deur, o.a. in die Naturelle-reservate. Maar, terwyl die klem tot onlangs nog op die aanlê en bestuur van plantasies geval het, het die benutting van die bosprodukte nou ook na vore getree en 'n bloeiende houtindustrie is aan die opbou. Hiermee moes rekening gehou word en waar in die verlede die kursus in Bosbou van 'n meer algemene aard was, is in 1957 besluit om 'n sekere mate van spesialisasie toe te pas. Terwyl die eerste twee jaar vir alle studente dieselfde is, het hulle die keuse om in die 3de en 4de jaar die rigting Boskultuur-Bosbestuur òf die rigting Houttegnologie (Bosbenutting-Bosprodukte) te volg. Daar word dus nou voorsiening gemaak vir die opleiding van persone wat vir die aanlê en bestuur van plantasies verantwoordelik sal wees sowel as vir dié wat saagmeulens, verduursamings- en ander houtindustrieë sal oprig en bestuur.

Nuut vir albei rigtings van die kursus is o.a. die volle twee-jarige kursus in chemie en die nuwe vak Bestuur van Produksie. Vir die rigting Houttegnologie is 4 verdere nuwe vakke ingevoeg, nl. Elektrotegniek, Stoomwerktuie, Masjienonderdele en -Teken en Bedryfs-

administrasie. Chemie, ingenieurswese en ekonomiese beplanning en bestuur word hier nou tot 'n groter mate in die kursus ingeskakel.

Die personeel bestaan tans uit twee professore, twee senior lektore, een lektor en 3 tegniese assistente. Daarbenewens ontvang studente onderrig van sowat 16 dosente van ander Departemente.

Die aantal studente is geleidelik aan die toeneem. Terwyl in die verlede gemiddeld sowat 10 tot 12 studente vir die eerste jaar van die kursus ingeskrywe het, het die getal in 1958 reeds 25 bereik. Daar is vanjaar 6 studente wat vir die M.Sc.-graad en twee wat vir die doktorsgraad werk.

Van die studente word verwag om heelwat van hul vakansietyd aan praktiese onderrig te wy. Na voltooiing van die 2de jaar moet die student bv. in die somervakansie ongeveer vier weke in die George-Knysna-gebied deurbring en in die wintervakansie word 'n week in Pretoria en omgewing en 3 weke in Oos-Transvaal of Natal-Zululand bestee. Ook gedurende die semester gaan die studente dikwels na plantasies en houtindustrieë in die Westelike Provinsie. Om die vervoerprobleem op te los, het die Fakulteit vanjaar twee Combi-busse aangeskaf. Hierdie voertuie word ook deur die dosente gebruik vir navorsingswerk wat in plantasies of elders onderneem word. Deur die aankoop van voertuie is 'n stukkie geskiedenis gemaak, want dit is die eerste keer dat 'n Fakulteit vervoer aanskaf vir die uitsluitlik gebruik van sy dosente en studente.

Die Fakulteit word in die Ou Fisika-gebou geherberg wat, afgesien van voorlesingsale en kantore, laboratoriums vir houttegnologie en houtskeikundige navorsing, 'n werkkamer vir die voorbereiding van houtmonsters, toegerus met houtwerkmasjiene en 'n droogkamer, 'n bosbouherbarium, 'n versameling van houtmonsters van oor die hele wêreld, asook 'n goed toegeruste bosbou-biblioteek bevat.

Afgesien van navorsing op die gebied van Boskultuur, Bosbestuur en Houttegnologie, het die Departement van Houttegnologie 'n spesiale afdeling waar houtskeikundige vraagstukke ondersoek word. Die laboratorium vir houtskeikunde bevat o.a. 'n persmasjien waar houtspaanders of saagsel met toevoeging van kunshars tot 'n harde materiaal saamgepers word. Pogings word tans onderneem om hierdie afdeling uit te brei en ons hoop dat navorsing wat op die gebied van die chemiese verwerking van houtafval hier gedoen word, 'n belangrike bydrae sal lewer om 'n nuttige gebruik vir hierdie materiaal, wat sowat 60% van die boomstam uitmaak, te vind.

Die Fakulteit is bewus van die waarde van fundamentele navorsing en dat dit 'n voorvereiste vir goeie dosseerwerk is. Hy beywer hom dus daarvoor dat die bes moontlike fasiliteite geskep word. So hoop die Fakulteit om leerkragte hier op te lei wat Bosbou in Suid-Afrika 'n nog hoër aansien sal verseker as wat tans die geval is.

Die Vroueverenigingkyk terug—en vorentoe

deur DR. LETTIE PRETORIUS

ONDER die dokumente van wyle dr. G. G. Cillié snr. is 'n briewetassie gevind waarin die eerste mev. Cillié korrespondensie en uitknipsels bewaar het, wat betrekking het op die ontstaan en die eerste bedrywighede van die Vroueverenigingvan die Universiteit. Sy het seker nooit kon droom van hoeveel belang die inhoud van die tassie later vir die Vereniging sou wees nie. Die notuleboeke van die eerste vyf jaar het naamlik verlore gegaan, en die tyd het tot 'n groot mate feite en datums uit die geheues van die oorblywende stigterslede gewis.

„Hoe het die Vereniging ontstaan?" vra ons aan mev. D. F. du Toit, een van die geesdriftige stigters en later altesame agt jaar lank presidente van die Vroueverenigingvan. „Ons het een aand voor die vuur gesit — dr. Lydia van Niekerk, mev. Gie, mej. Margie le Roux, mev. Blommaert en ek — miskien was daar ander ook by — toe die gedagte by ons opkom om so 'n vereniging te stig. Ek meen dat ons eers 'n konsepkonstitusie opgestel het. Mev. Cillié sou as vrou van die Rektor natuurlik die leiding op haar neem . . . ."

Dit moes in September 1920 gewees het, anderhalf jaar na die stigting van die Universiteit, want op die 29ste van daardie maand is 'n vlugskrif uitgestuur wat meld dat op die 21ste 'n vergadering „van dames wat verbonde is aan die staf" gehou is. Daar is besluit om in Maart 1921 „'n boerekermis op grote skaal te hou, en om intussen, in die volgende kwartaal, kleinere onderneminge te organiseer, soos bv. tennistees, cafés chantants, verkopings van koek, lekkers, aarbeie, ens." Vervolgens word 'n dringende beroep op die publiek gedoen om die saak te ondersteun en om die

Watter soort papier?

Wat sal dit kos?

Watter kleure?

Hoe groot?

...om maar net 'n paar probleme te noem waarmee u te kampe het as u drukwerk beplan.

Talle het al ontdek dat dit beter is om heel van die begin af 'n deskundige in te roep en almal weet dat Nasionale Handelsdrukkery Beperk toegerus is om die volledige diens te verskaf.

Handelsdrukkery se verteenwoordigers verskaf graag die nodige inligting, sy drukkers is opgelei om puik drukwerk te lewer en beskik oor die nodige toerusting vir u spesifieke doel. Handelsdrukkery sal ook, indien verlang, van hulp wees met die ontwerp en opstel van wat u ook al gedruk wil hê.

Ontbied gerus een van ons verteenwoordigers of skryf om inligting en maak seker dat u drukwerk van die begin af reg beplan word en dat die eindresultaat spreek van goeie smaak en ontwerp.

NASIONALE HANDELSDRUKKERY BEPERK

VERKOOPAFDELING: WAALSTRAAT 35, KAAPSTAD · POSBUS 4360
TELEFOON 2-9723 · DRUKKERY: POSBUS 120, PAROW, KAAP

groot vergadering wat op 8 Oktober in die C.J.V.-saal gehou sou word, by te woon.

Van hierdie vergadering het op 12 Oktober in beide *Die Burger* en die *Cape Times* 'n breedvoerige verslag verskyn. Dit is deur 'n groot aantal dames bygewoon, Engelssprekendes sowel as Afrikaanssprekendes, waaronder ook verteenwoordigers uit omliggende dorpe was. Die doel waarvoor die dames hulle wou beywer, is breed en groots gestel: 'n Vroueveldtog ten bate van die Uitbreidingsfonds van die Universiteit van Stellenbosch. Mev. Cillié het gesê: „Die Universiteit van Stellenbosch moet en wil in staat gestel word om die hoogste Universiteitswerk te doen. Die staf moet daarvoor groot genoeg gemaak word, en moet bestaan uit hoogontwikkelde spesialiste in elke rigting. Die klaskamers, laboratoria en biblioteek moet voldoen aan die vereistes van die moderne tyd. Die studente moet gehuisves word .... in ruim geboue, spesiaal ingerig vir die behoeftes van die student." Sy noem die dinge ten opsigte waarvan die uitrusting van die Universiteit nog tekortskiet, en voeg by: „Was ons studente (650 het hulle destyds getel) nie so van natuur gesond en ongeneig om te klae nie, sou ons veel meer klagtes hoor! Die Universiteit gaan binne die volgende vyf jaar minstens £500,000 vir uitbreiding nodig hê, en almal sal moet help — die Regering, oudstudente, Stellenbosch en sy omgewing, ja, ons hele land. En ook die vroue mag nie stilsit nie, want moet ons nie daarvoor sorg in belang van ons eie kinders, van ons hele toekoms, dat die Universiteit van Stellenbosch nie sal kwyn nie maar 'n verder kragtige ontwikkeling sal tegemoetgaan?"

Die vroue *het* ook nie stilgesit nie. Daar is dadelik met klein poginkies om geld in te samel 'n begin gemaak. Mev. J. X. Merriman bied die rose en pronk-ertjies uit haar tuin vir die dames se verkopings aan; dames uit Worcester laat weet dat hulle reeds 'n tennistee ten bate van die fondse gehou het, en ook 'n skynproses en 'n opvoering gaan reël; mnr. Theo. Wendt, destyds dirigent van die Kaapstadse Stadsorkes, bied aan om twee konserte te hou, een op Stellenbosch en een in Kaapstad; die sg. „Vroue-Halwe-Kroonfonds"-lyste word uitgestuur, met as leuse bo-aan: „As 'n mens 'n bietjie bij 'n bietjie sit en dit elke slag herhaal, word bietjie gou-gou baie." Hesiod — op sulke verskillende maniere is die geld (een koerant stel die bedrag op £1,000) ingesamel waarmee die groot kermis gefinansier is.

Die kermis is op 17 Maart 1921 in die Laan deur Prinses Arthur van Connaught geopen en was 'n reusesukses — die eerste, en seker ook die grootste, hoogtepunt in die geskiedenis van die Vroueverenigingg. Dit het drie dae lank geduur, met 'n groot musiekaand op die eerste dag, en op die derde aand 'n karnaval met volop van die raasgoed wat by die Hollandse kraampie gekoop is. Die grootste kenmerk van die kermis was seker die wonderlike gees van samewerking wat daar geheers het en die bereidwilligheid waarmee hande diep, somaar baie diep in die sak gesteek is; die kermis het oor die £3,000 opgelewer — en destyds was 'n £ 'n soliede, volwaardige goue pond.

Vra 'n mens aan die medewerkers: „Maar hoe het u dit reggekry?" dan kom daar 'n glinstering in hulle oë. Hulle vertel van die Duitse Biergarten met sy huisie en die koei wat oor die onderdeur loer — opgerig met behulp van die skilder G. P. Canitz; van die bier wat hulle van die Duitse Klub present gekry het, van die aartappelslaai en die rooi worsies (destyds iets onbekends — spesiaal vir hulle deur 'n Duitse slagter van die Kaap gemaak). Hulle onthou die treintjie (laat ons dit maar fluister; 'n egte dobbeltreintjie! — wat destyds toegelaat, maar later deur die polisie belet is), en die Voortrekkerkamp, en die doolhof, van jaarts en jaarts goiingsak gemaak, waarin die studente tog te lekker gaan verdwaal het. Daar was velle en karosse ter waarde van 'n paar honderd pond wat dr. Steenkamp vir die goeie saak ingesamel het; en natuurlik die Hollandse kraampie, die aantreklikste van almal, met alle moontlike ware uit Holland, deels geskenk, deels gekollekteer, deels by fabrieke aangekoop — 'n heerlikheid vir kooplustiges na die maer, weeldelose oorlogsjare ....

G'n wonder dat die twee tesouriers, proff. Edgar en Morrison, gereeld die rondte by die kraampies moes doen om die geld in ontvangs te neem nie! Daar was natuurlik ook die ander sy van die saak — die harde werk en die vermoeienis wat daarmee gepaard gegaan het. „Ons het van agt sakke suiker lekkers gekook," vertel mev. Du Toit, „en toe dit alles die eerste dag uitverkoop is, het ons met studente om ons te help, dwarsdeur die nag weer lekkers gekook ...." „Ek was so moeg," vertel mev. Perold, „dat toe ek die middag oor die klippe van die rivier kortpad huistoe stap, my trane in die water gedrup het . . . ." So word die hardste werk agter die skerms verrig. Vandag ook nog.

Presies wanneer die eerste vae doelstelling omgeskep is in die bepaalde doel om £10,000 vir 'n Huishoudkundegebou in te samel (die Regering dra £ vir £ by) is nie meer met sekerheid vas te stel nie: dit moes gebeur het toe die Raad besluit het dat daar so 'n gebou

moes kom. Al die geld wat reeds in die Uitbreidingsfonds gestort was, is toe daarvoor afgesonder en in Augustus 1934 kon die Presidente meedeel dat die bedrag voltooi en die fonds afgesluit is. Vanaf 1935—1951 het die Vereniging vir 'n leningsfonds vir studente gewerk; toe is egter gevind dat daaraan nie meer so 'n dringende behoefte is nie, en het die Universiteit die geld (£1,592 16s. 0d.) aan die Vrouevereniging terugbetaal.

Die volgende doelstelling was 'n bedrag van £4,500 vir 'n derde verdieping vir die Huishoudkundegebou — die doelstelling is reeds in 1954 bereik, die geld word een van die dae oorhandig en met die bouery is onlangs begin — tot groot blydskap van die Huishoudkunde-personeel, vir wie ongerief en boulawaai soos niks is teen die vooruitsig op meer ruimte nie. Toe die Vereniging weer eens oor 'n nuwe doelstelling moes besluit (intussen is in 1942 ook reeds 'n bedrag van £300 vir 'n „studente-saalfonds" afgesonder), het van verskeie kante versoeke om hulp gekom. Die keuse het geval op die Opvoedkunde-uitbreidingsfonds waarvoor £500 beloof (en nou reeds uitbetaal) is, en op die Konservatoriumfonds waarvoor die Vereniging beoog om £10,000 bymekaar te maak. Hiervan is daar reeds £3,944.

Die Vrouevereniging het dus, in ronde syfers gereken, in die 38 jaar van sy bestaan by die £19,500 vir die Universiteit ingesamel. En dit op tipiese vrouemanier — deur verkopings te hou, konserte te reël, tennistoernooie te organiseer, en vir onthale van allerlei aard te sorg. Die werk gaan voort; en terwyl hulle dit doen gee die vroue meer aan die Universiteit as net die geld wat hulle insamel: hulle gee idealisme, onbaatsugtige diens en geloof in die toekoms van die Universiteit.

Sportprestasies van die Jaar

deur MNR. JANNIE KRIGE

DIE jaar 1958 was in baie opsigte 'n glansryke sportjaar vir die Universiteit en Matie-sportmanne het op verskeie gebiede louere ingeoes. Die organisasie van die studente se sportaktiwiteite verloop glad en dis verblydend dat al meer en meer studente van die beskikbare fasiliteite gebruik maak.

Onder 'n paar hoofde gee ek 'n opsomming van wat op die verskillende sportgebiede gepresteer is:

RUGBY:

(a) Die Rugbyklub het elke week ongeveer 35 spanne in die veld gestoot, en het vanjaar sewe uit die elf kompetisies van die W.P. gewen. Die Ondernegentien-spanne het in al vier hul kompetisies skoonskip gemaak. Die koshuiswedstryde word al meer en meer gewild en veral Vrydagmiddae is daar groot opgewondenheid op Coetzenburg met die afspeel van dié wedstryde.

(b) Die volgende spelers het vanjaar die Springboktrui gedra: Jeremy Nel (O. kapt.), Piet du Toit, Butch Lochner, Jan Pickard, Dawie Ackermann, Abe Malan. Die volgende oud-Maties het provinsiale kleure verwerf: Piet van Zyl, Ronnie Melck, Jan Pickard, Lance Nel, Dawie Ackermann en Piet du Toit (almal W. Provinsie); Willem Roux, Frikkie Bester en Piet du Toit (Boland); Fella Scholtz, Chris Voges en Steyn Wasserfall (S.W.D.); J. Enslin en C. Meyer (N.Tvl.); G. (Kid) du Preez, Amos du Plooy en Butch Lochner (O.P.); Wesley Fourie (O.V.S.); Philip Barnard (G.W.); Jeremy Nel (Tvl.); D. van der Spuy en Vickers de Kock (Rhodesië).

Maties wat provinsiale kleure gekry het was: G. Steyn, Jan du Preez, F. Coetzee, Abe Malan en A. Malan.

ATLETIEK: Die Atletiekklub is baie trots op sy Springbok, Kobus Swart, wat by die Rykspele in Cardiff in die 120 hekkies die tweede plek verower het. Verder het die volgende lede van die Klub W.P.-kleure verwerf: B. P. van Zyl, A. Huisamen, L. Holdstock, E. Theron en J. Swart.

HOKKIE: Die eerste manspan het die Stadsbeker verower en sal aanstaande jaar in die Groot-Uitdaagkompetisie speel. In die damesklub was Shirley Grace die eerste Matie-dame wat Springbokkleure verwerf het terwyl sy nog student was. B. Wiid en S. Grace het ook W.P.-kleure verwerf.

SWEM: Die waterpolo-span verower vir die eerste keer in die geskiedenis die Senior Ligakampioenskap van die Westelike Provinsie. Vier Matie-swemmers slaan die W.P.-aflosrekord.

KRIEKET: Stellenbosch se Krieketklub toon sy krag deur vir die tweede agtereenvolgende jaar die kampioenskap van die Suid-Afrikaanse Universiteite te verower. C. Rushmere kry

W.P.-kleure — die eerste keer in veertig jaar dat soiets gebeur!

GHOLF: Hierdie betreklike nuwe sportsoort op Stellenbosch word baie gewild, te danke veral aan die mooi nuwe baan van Stellenbosch. D. Wharton-Hood van ons klub word aangewys as die kaptein van die S.A. Universiteitspan.

GEWIGOPTEL: Steeds meer studente beoefen gewigoptel as 'n metode van liggaamsbou en as wedstrydsport. Stellenbosch neem 'n groot aandeel in die jaarlikse Intervarsitytoernooi en eindig tweede agter Wits. In M. Beer (veergewig) het ons klub 'n baie belowende gewigopteller; vir die tweede agtereenvolgende jaar wen hy die wisselbeker vir die mees wetenskaplike gewigopteller by die toernooi.

SKERM: W. Glaue en mej. Ellmer word gekies vir die span van die Suid-Afrikaanse Universiteite wat binnekort na die buiteland gaan. Glaue was ook lid van die Suid-Afrikaanse span teen Mocambique.

Aan al hierdie Matiesportmanne wil ons ons hartlikste gelukwense oorbring vir die louere wat hulle vir ons Universiteit ingeoes het!

Nuus van Oud-Matiebondtakke

PRETORIA:

Die afgelope twee jaar het die Oud-Matiebond-tak in Pretoria dit besonder gelukkig getref. Die Bestuur het die sake van die tak met ywer en geesdrif aangepak en 'n baie goeie gees van samewerking heers tussen die Bestuur en die lede. Die funksies wat gereël is, is goed bygewoon en was in alle opsigte — ook finansieel — 'n sukses.

Daar word gepoog om naas die sosiale funksies ook opvoedkundige byeenkomste te hou waar 'n vakman dan aan die woord is. So het die tak dr. Theo. Schumann versoek om 'n vergadering toe te spreek oor sy onlangse besoek aan Rusland en sekere satellietlande; hierdie funksie was ook toeganklik vir die publiek.

Die tak het 'n volledige ledelys en kennisgewings word gereeld aan alle lede oor wie se adresse die Sekretaris beskik, gepos. Die geesdrif en aktiwiteit van die oud-Matiebondtak in Pretoria kan in groot mate toegeskryf word aan die wakker Sekretaris, mnr. Andries J. Esterhuyse. Ons as Redaksie van *Matieland* kan getuig van mnr. Esterhuyse se pligsgetrouheid en ywer; hy is altyd die eerste taksekretaris wat op ons oproepe om nuus reageer. Hy sal graag nog meer name en adresse van oud-Maties in Pretoria wil hê; sy adres is Nuffieldstraat 160, Rietondale, Pretoria. Foonnommers 2-6404 en 70-6903.

Mnr. Esterhuyse skryf net voor ons ter perse gegaan het, dat die Pretoria-tak 'n groot afsluitingsfunksie vir 28 Oktober gereël het waarby mnr. A. M. van Schoor, hoof van die S.A.U.K. se Nuusdiens, sou praat oor „Probleme in die Poort tot Afrika" en mnr. W. van Heerden van die Dagbreekpers oor „Opkoms van Nie-blanke State in Afrika". Die plan was ook dat opnames vir die radioprogram „Studentevaria" by dié geleentheid gemaak sou word.

VREDENDAL:

'n Groep oud-Maties van Vredendal en omgewing het op 4 Junie 1958 byeengekom met die oog op die stigting van 'n tak van die oud-Matiebond. Die Hoof van die Inligtingsburo van die Universiteit, mnr. P. J. Lombard, was by geleentheid aanwesig en het die gehoor toegespreek oor die eerstejaarskema en nuwe ontwikkelinge aan die Universiteit. Die sowat 30 aanwesiges het eenparig besluit om 'n tak van die oud-Matiebond te Vredendal te stig en die volgende Bestuur vir die lopende jaar is gekies:

Voorsitter: Mnr. F. C. Rust (M.A. 1928)
Ondervoorsitter: Mnr. A. J. M. Fourie (1939)
Sekretaris: Mnr. C. J. Kruger
Penningmeester: Mnr. G. H. T. Beukes (B.Comm. 1946)

Terwyl verversings geniet is, het sommige van die ouer lede die aanwesiges vergas op staaltjies uit hulle studentedae. Die gees van ywer en samehorigheid beloof goed vir die toekomstige ontwikkeling van hierdie jongste tak van die oud-Matiebond, die een-en-twintigste wat gestig word.

KIMBERLEY:

Die tak van die oud-Matiebond in Kimberley was vanjaar in Mei twee jaar oud. Op die oomblik tel die ledetal 35 wat vir die uitgebreide Noord-Kaapland met sy groot afstande as 'n mooi klompie beskou word. Twee funksies word jaarliks gehou, nl. 'n informele byeenkoms op die vooraand van Intervarsity en 'n afsluitingsfunksie aan die einde van die jaar. Hierdie afsluitingsfunksie het in die verlede die vorm van 'n formele dinee aangeneem, maar daar is besluit om vanjaar 'n braaivleisfunksie op Riverton te hou.

Die Bestuur is as volg saamgestel:

Voorsitter: Mnr. N. W. H. Smit (B.A.

1944, M.Ed. 1949)
Ondervoorsitter: Ds. W. Fullard (B.A. 1945)
Sekretaris: Mnr. O. Geyser (M.A. 1957)
Add. Lede: Mnr. J. Loots (B.Sc.); Mev. E Smook (H.P.O.D. 1934)

OUDTSHOORN:

Die Sekretaris van die oud-Matiebond-tak, mnr. Abe van Niekerk, skryf as volg:

„Mnr. J. E. Terblanche, L.U.K. en mev. Terblanche was so vriendelik om die oud-Maties van Oudtshoorn en omgewing na 'n gesellige funksie op De Hoop uit te nooi. Ongelukkig moes mev. Terblanche onverwags in die hospitaal opgeneem word en die byeenkoms moes uitgestel word.

Oudtshoorn het meer as 100 oud-Maties en die belangstelling in die Universiteit en sy aangeleenthede is groot. Die groot uitbreidings wat die Universiteit op die oomblik beleef, vervul ons met trots. 'n Kleurryke figuur onder die oud-Maties op Oudtshoorn is dr. M. Boehmke wat van 1898—1900 student aan die Victoria-Kollege was en wat nou sy tagtigste verjaarsdag nader. Hy was vroeër hoof van die Oudtshoornse Opleidingskollege en stel nog baie belang in alle sake rakende ons Universiteit."

WINDHOEK:

By die onlangse Jaarvergadering van die oud-Matiebond-tak van Suidwes (Windhoek) is die volgende Bestuur gekies:

Voorsitter: Mnr. J. A. van Wyk (B.A. 1941)
Sekretaris: Mnr. C. J. (Rusty) Bekker
Add. lede: Mej. Bertha Lombard; Mnr. J. Rabie; Mnr. Gerrie J. Coetzee (B.Sc. 1944).

KAAPSE SKIEREILAND:

Die Skiereiland is nou vir administrasie-doeleindes in drie streke verdeel, en vir elke streek is twee verteenwoordigers gekies, as volg:

Kaap Sentraal: Adv. T. E. Kleynhans (B.A., LL.B. 1945); Mej. E. S. de Kock
Suid-Skiereiland: Prof. S. P. Olivier (B.A. 1936); Dr. W. H. Hellberg (D. Litt. 1957)
Noordelike Voorstede: Mnr. J. G. H. Wessels (B.Comm. 1951); Mnr. I. J. M. Archer (M.Sc. 1928).

Hierdie tak van die oud-Matiebond beoog 'n groot sametrek voor die einde van die jaar, waar o.a. die oud-Matiekleurbaadjie vertoon en bespreek sal word.

Briewebus

Mnr. J. F. W. Haak, L.V., skryf as volg:

„Ek het die berig in die pers gelees i.v.m. die voorgestelde wysiging van die oud-Matiekleurbaadjie. Ek stem volkome saam met die voorgestelde verandering en ook die redes wat u aanhaal.

Ek wil dit egter vir oorweging aan u Komitee voorlê dat ook die erekleure-baadjie van die Universiteit (half- en volkleure) verander moet word om daarby aan te pas. Dieselfde redes in verband met wit drag geld ook vir hierdie baadjies, maar daar kan nog bygevoeg word dat, indien 'n mens aan sport deelneem, dit ondienlik is om so 'n baadjie na 'n byeenkoms te dra en nadat jy aan die sport deelgeneem het, dit weer aan te trek. So 'n wit baadjie kan onder omstandighede net nie skoon bly nie. Mans dra deesdae selde wit broeke, wat feitlik die enigste drag is wat met die baadjie gedra kan word, en gevolglik is daar seker heelwat oud-Maties wat kleure verdien het maar die baadjie so onprakties vind, dat hulle dit as gevolg van omstandighede nie aanskaf nie, hoewel hulle dit graag sou wou doen.

Indien dieselfde grys baadjie as wat nou voorgestel word, gebruik word, en die baadjie-rand of die wapen gewysig word om aan te pas by die half- en volkleur-idee, sal die baadjie baie meer prakties wees en tot 'n groter mate aangeskaf word deur oud-studente wat daarop geregtig is. Indien die studente self nog die idee van 'n wit baadjie verkies, kan dit miskien opsioneel gemaak word, of kan dit toegelaat word dat oud-studente wel 'n half- of volkleur-wapen kan kry wat by die nuwe voorgestelde baadjie pas.

Dit lyk my egter 'n saak wat oorweging verdien."

Rugby-eretoekennings aan Oud-Maties

DIE Stellenbosse Rugbyklub het besluit om oud-Maties wat besondere dienste aan rugby lewer, of reeds gelewer het, te vereer. Die Klub sal aan alle oud-Maties wat rugby op die een of ander manier bevorder, die klub-wapen toesê. Op die wapen sal 'n spesiale kenteken aangebring word wat dit van die gewone wapen sal onderskei. Die Klub voel dat hierdie besluit oud-Maties sal aanmoedig om voort te gaan met hul werk vir die spel. Voortaan sal die wapens jaarliks toegeken word.

Die Rugbyklub het as uitgangspunt gebruik hoofstukke 5, 7, 10, 11 en 12 van die Klub se boek „Met die Maties op die Rugbyveld",

asook die gedrukte jaarverslae sedert 1956. Aan alle oud-Maties wat daarin genoem word, word hierdie eretoekenning gemaak vir hulle bydrae as provinsiale spelers, skeidsregters, administrateurs, bestuurders, ens. Verder aan alle kapteins van die Klub en spelers wat vir U.S.—U.K. gespeel het.

Ongelukkig is 'n paar name in die boek of verslae weggelaat en ons noem hier sulke name wat al onder ons aandag gebring is:

Kaptein van die klub: J. S. (Fien) Olivier, 1921; Provinsiale spelers: H. G. Greeff (W.P. 1939, 1940), P. Bredell (O.V.S.), A. H. Potgieter (G.W.), J. L. van der Riet (G.W.), P. van Rensburg (Tvl.), P. J. Retief (O.P.), G. Uys (N.Tvl.), C. Wolfaardt (S.W.D.), Opperman (O.P.), J. Langenhoven (N.O.D.), J. de Villiers (S.W.D.), L. Steyl (G.W.); Provinsiale skeidsregters: Peet van der Walt, C. Lombard, C. Markötter.

TOEKENNINGS VIR 1958:

Ongeag of oud-Maties se name reeds in die boek of verslae verskyn, maak ons vanjaar toekennings aan die volgende:

(1) Lede van die Uitvoerende Bestuur van die Suid-Afrikaanse Rugbyraad en lede van daardie Raad: Drr. D. H. Craven (president), J. J. Strasheim (ook voorsitter van die Reëlskomitee), J. van Tromp (voorsitter van die Finanskomitee) en mnre. Ben du Toit, J. F. Louw, H. H. Roos (ook president van die Boland-Rugby-unie), A. W. Retief, Hansie Söhnge (ook president van die Rugby-unie Suidwes-Afrika) en J. J. de Kock (tot verlede jaar president van die Suidwestelike Distrikte Rugby-unie en tans sekretaris van die Raad);

(2) James Starke (wat langer kaptein van ons klub as enige ander Matie was (1953—1958) en ook van die gekombineerde U.K.-U.S. (1953—1958);

(3) Dr. Bertie Strasheim en Chris Ackerman (toetsskeidsregters), Lammie Louw (skeidsregter Junior Springbok—Franse), W. „Badie" Badenhorst (W.P.-Bol.-S.W.D.), Piet Calitz (O.P.-Gr.-N.O.D.); Ander provinsiale skeidsregters: Chris Fourie, Peet van der Walt, N. du Bois; Die sekretaris van die O.V.S. Skeidsregtersvereniging: Francois Retief;

(4) Die volgende Springbokke: Jeremy Nel (Onderkapt.), Piet du Toit, Butch Lochner, Jan Pickard, Dawie Ackermann;

(5) Die kapteins van provinsiale spanne: Jan Pickard (W.P.), Fella Scholtz (S.W.D.), Gideon Huysamen (S.W.A.), Philip Barnard (G.W.), Amos du Plooy (O.P.), Vickers de Kock (Rh.);

(6) Die volgende provinsiale spelers:

Westelike Provinsie: Piet van Zyl (Tuine), Ronnie Melck (ook kaptein van Van der Stel), Jan Pickard (Kaptein van Hamiltons), Lance Nel (Hamiltons), Dawie Ackermann (Paarl);
Boland: Willem Roux (Worcester), Frikkie Bester (Moorreesburg);
S.W. Distrikte: Fella Scholtz (Heidelberg), C. Voges (Mosselbaai), S. Wasserfall (Swellendam);
Noord-Transvaal: J. Enslin (Pretoria), C. du P. Meyer (Tukkies);
Oostelike Provinsie: Kid du Preez (Grootfontein), Butch Lochner (Grootfontein), Amos du Plooy (Kapt. van Park);
Rhodesië: Daantjie van der Spuy, Vickers de Kock;
Oranje-Vrystaat: Wentzel Fourie;
Grens: Butch Lochner (Hamiltons);
Griekwaland-Wes: Philip Barnard (Philipstown);
Transvaal: Jeremy Nel (Onderkapt. Wanderers);

(7) Jan le Roux (President van Diggers (Tvl.)), Willem Delport (Voorsitter, Oostelike Provinsie-Keurkomitee), „Bubbles" Koch (Boland-Keurkomitee), „Tokkie" Scholtz (President van Van der Stelklub, Stellenbosch), Willie Herbst wat so baie te doen gehad het met die herlewing wat ons voetbal ondergaan het.

Dan is daar die getroustes van die getroues wat deur hulle uitstaande geesdrif en belangstelling 'n gees openbaar soos min; aan hulle gee ons toestemming om die klubwapen te dra: Mnre. Sybrandt de Kock (Retreat), Van Wyk (Laingsburg), Rossouw, A. H. van Schalkwyk (Bellville).

Van Heinde en Verre (*vervolg van bl.* 25)

Mnr. G. F. J. (Lieb) Liebenberg (B.A. 1938) onderwyser aan die Hoërskool Upington, is op 15 Julie 1958 op 49-jarige leeftyd skielik oorlede in die skoolsaal tydens die godsdiensoefening. Mnr. Liebenberg was 'n baie gewilde leerkrag en sy onverwagse heengaan was vir die skool en gemeenskap 'n groot skok. Hy laat sy eggenote en 'n driejarige dogtertjie na.

Mnr. A. P. J. Burger (B.Comm. 1945) is bevorder tot Hoofbestuurder van Trust-Bank (Afr.) Bpk., Kaapstad.

Mnr. Japie Basson, L.V., is op reis in die Verenigde State waar hy o.a. die debatte oor Suidwes by die Verenigde Volke bywoon.

Mnr. A. P. Sommers (B.A. 1926, B.Ed. 1928) is hoof van die Langenhoven Hoër Handelskool te Oudtshoorn. Hy is voorsitter van die oud-Matiebond-tak aldaar.

Mnr. Dan Maree (B.Comm. 1925) is Sekretaris-Bestuurder van die Lusern-Beheerraad van die Unie, met sy hoofkantoor in Oudtshoorn. Hy was een van die heel eerste studente wat die graad B.Comm. aan die Universiteit verwerf het.

Mnr. C. J. Beukes (B.Sc. 1946) is Wetenskaponderwyser aan die Hoër Seunskool, Oudtshoorn.

Dr. F. C. Fensham dosent in die Departement van Semitiese Tale aan die Universiteit van Stellenbosch, het onlangs 'n tweede doktorsgraad verwerf toe hy aan die Johns Hopkins-Universiteit, Baltimore, V.S.A., die graad Ph.D. (Semitiese Tale) behaal het met 'n proefskrif oor „The Mishpatim in the Covenant Code". Sy promotor was die beroemde argeoloog en taalkundige, prof. W. F. Albright.

Dr. M. van den Berg (M.Comm. 1952) Senior Lektor in Statistiek aan die Universiteit van Stellenbosch, het 'n betrekking in Johannesburg aanvaar as ekonomiese adviseur by die Nywerheids-ontwikkelingskorporasie.

Mnr. J. W. L. van Huyssteen (B.A. 1936) hoof van die Hoërskool De Aar, word vanaf 1959 hoof van die Hoër Jongenskool Worcester.

Die „Matieland"-fonds

LESERS wat op die oproep i.s. bydraes tot die Matieland-fonds gereageer het, het weer vir 'n mooi bedraggie gesorg. Tot op 15 Junie 1958 was die totaal £314 4s. 3d. Sedertdien is van die volgende persone bydraes ontvang wat ons hiermee met dank en waardering erken:

	£	s	d
Totaal (tot 15 Junie 1958)	314	4	3
Andrag, Mev. M. E. L., Serpentaineweg 1, Oranjezicht, Kaapstad	2	2	0
Bonthuys, Mnr. J. A., Posbus 1449, Kaapstad	1	0	6
Booysen, Mej. C. F., Hiddinghlaan 14, Tuine, Kaapstad	1	0	0
Botes, Mnr. A. J., p/a Hoofingenieur, Privaatsak 74, Pretoria	1	0	0
Brunette, Ds. H. C., Posbus 79, Grootfontein S.W.A.	1	1	6
De Kock, Mnr. C. G., Sasol, Posbus 11437, Johannesburg	2	0	0
De Kock, Mnr. J. S., Cradockstraat 126, George	1	0	0
Du Plessis, Mnr. W. F., Hoërskool, Klerksdorp	1	1	6
Du Preez, Dr. J. W., Geologiese Opname, Kaduna Suid, Nigerië	3	0	0
Du Toit, Mnr. T., Volkskasgebou 120, Van der Waltstraat 229, Pretoria	2	2	0
Franzsen, Dr. & Mev. D. G., Universiteit, Pretoria	2	0	6
Gous, Majoor J. P., S.A. Polisie-Hoofkwartier, Posbus 449, Pretoria	2	2	0
Grobler, Mnr. J. M., Hoër Seunskool, Cradock	2	0	6
Gryffenberg, Mnr. J. v. Z., Bothashof, Privaatsak 164 H., Salisbury, S.R.	1	10	0
Kellerman, Dr. J. E., Langstraat, Montagu	1	0	0
Loubser, Mnr. J. S. C., Posbus 122, Heilbron	1	0	6
Lourens, Mej. E., Posbus 105, Springs, Tvl.	1	0	0
Minnaar, Ds. J. R., Posbus 11, Vredendal	1	0	0
Myburgh, Mnr. W. H., Transvaalse Onderwysdepartement, Posbus 432, Pretoria	1	0	6
Odendaal, Mnr. M. J., Du Plessistraat 15, Die Strand	1	10	6
Oelofse, Mnr. R. P., Posbus 30, Dordrecht	2	0	0
Pienaar, Mnr. C. J., Posbus 68, Thaba Nchu, O.V.S.	1	0	6
Pieterse, Mev. H. A. M., Swartfontein, Queenstown	1	0	0
Rens, Mev. E., Posbus 192, Kliptown, Johannesburg	1	0	0
Robertson, Mnr. C. M., Posbus 286, Heidelberg, Tvl.	2	0	0
Schneider-Waterberg, Mnr. H. R., Okosongomingo, S.W.A.	5	0	0
Seeger, Mnr. K. G., Geologiese Opname, Posbus 5029, Windhoek, S.W.A.	1	0	0
Serdyn, Mnr. N. A., Weltevrede, Posbus 12, Riebeek-Wes	1	1	0
Serfontein, Ds. S. J., Posbus 14, Bethlehem	1	0	0
Stassen, Mnr. L. F., Hoër Jongenskool Worcester	1	0	0
Taute, Mej. G., P.K. Molenrivier, oor Herold, K.P.	1	1	0
Thorniley, Mnr. B. H., c/o Sogemines Devl. Co. Ltd., 1980 Sherbrooke St. W., Montreal, Canada	1	0	0
Van Blerk, Appèlregter P. J., Appèlhof, Bloemfontein	1	1	0
Van der Merwe, Dr. C. R., Arcadiastraat 870, Arcadia, Pretoria	1	0	6
Van der Merwe, Mej. R., Dept. of Nutrition, University Hospitals, Iowa City, Iowa, U.S.A.		18	10
Vosloo, Mnr. J. E., P.K. Heatonville, Empangeni, Zululand	2	2	0
Wiid, Mnr. F. G. J., Assegaaistraat 51, Drieriviere, Vereeniging, Tvl.	1	1	0
Zietsman, Mnr. & Mev. A., Posbus 1, Kuilsrivier, K.P.	1	1	0
Totaal (tot 31 Oktober 1958)	£369	3	1



LOOPBANE by YSKOR

Die Suid-Afrikaanse Yster en Staal Industriële Korporasie Beperk (YSKOR), met meer as 20,000 werknemers (blank en nie-blank), as die grootste produsent van yster en staal in Suid-Afrika, verskaf in sy organisasie geleentheid vir interessante loopbane van sowel tegniese as administratiewe aard.

In die tegniese personeel is daar vakatures vir tegniese kwekelinge (d.w.s. vir gegradueerdes in die Chemiese, Elektrotegniese, Werktuigkundige en Mynbou-Ingenieurswese); vir Skeikundiges en Metallurge (in albei gevalle gegradueerdes); vir Laboratoriumassistente (gematrikuleerdes met skeikunde) en vir Vakleerlinge in die verskillende bedrywe. Ook word manne tot die ouderdom van 30 jaar voortdurend benodig vir opleiding as produksiewerkers.

Vir gegradueerdes in die Handel en Lettere of met ander aanneemlike universiteitsgrade of vergelykbare kwalifikasies is daar poste as administratiewe kwekelinge, terwyl gematrikuleerde jongmanne in aanmerking kom vir aanstelling as klerklike assistente.

Yskorwerknemers geniet die voordele van 'n bydraende Pensioenfonds, 'n Mediese Bystandsfonds, 'n Huiseienaarskema, 'n Verlofbonus, ontspanningsfasiliteite, e.d.m. Vir getroude werknemers is behuising beskikbaar op Vanderbijlpark, Thabazimbi en op Sishen, terwyl huisvesting vir ongetroude werknemers in hierdie sentrums ook beskikbaar is.

Verdere inligting is verkrygbaar by die Personeelbestuurder.

SUID-AFRIKAANSE YSTER EN STAAL INDUSTRIËLE KORPORASIE, BEPERK

Posbus 450 **PRETORIA**



Elke Sigaret 'n Meesterstuk

Die tegniese vaardigheid van die ou meesters en hulle strewe na die beste, leef voort in die vervaardiging van Rembrandt VAN RIJN sigarette. 'n Volmaakte pakkie sigarette is die saamgestelde resultaat van talle klein verbeterings. In Rembrandt VAN RIJN is hierdie doel verwesenlik.

Dit is gemaak vir diegene wat liewer rook vir genot as bloot uit gewoonte... en vir wie prys sekondêr is. As u 'n kieskeurige roker is, weet ons dat u meer genot uit VAN RIJN sal kry. Koop gerus nog vandag 'n pakkie VAN RIJN. Die wêreld se eerste lang sigaret met filtermondstuk . . . en die beste.

Rembrandt

VAN RIJN

FILTER DE LUXE

DIE WÊRELD SE EERSTE LANG SIGARET MET FILTERMONDSTUK

VRFA — 51 Q

Gedruk deur Nasionale Handelsdrukkery, Bpk. — Elsiesrivier